2:1999

Matieland





Koor 'herleef' ná protesaksie

Comfort for suffering children

Maties se verlamde 'Superman'

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH

Café Spier The Cheetah Park Spier Cellars Vintage Train Taphuis & Riverside Pub
Wine Tastings The Manor House Cat Trail & Pony Rides Equestrian Centre Spier Shop Riverside Terrace Rose Garden
The Postal Manor House Restaurant The Wine Centre Open-air Amphitheatre Spier Farmstall Cat Keepside Picnics

YOU CAN

DELIGHT THE EYE

AND PAMPER THE PALATE

IN THE SPACE OF HOURS

BUT YOUR MIND WILL

CELEBRATE THE MEMORY

FOR YEARS TO COME

Magnificent natural surroundings, wine, fine food, beautiful music and a lot more besides make Spier the ideal venue for a sensory feast.

There is hearty food at the Taphuis & Riverside Pub, authentic Cape Malay dishes from the Jonkershuis and a unique culinary experience at the trendy Spier Café. Or enjoy a gourmet picnic on the banks of our sparkling lake.

Be sure to taste the best local and international wines at the Spier Wine Centre, and in summer feast on the entertainment offered in our spectacular open-air amphitheatre. And with over 20 different banqueting and conference venues to choose from, your special occasion will easily become an historic event!

All things considered, fitting everything Spier has to offer into a day would be a memorable feat in itself.



SPIER

UNEXPECTED PLEASURES

For reservations and information please call (021) 809 1100.

E-mail: info@spier.co.za Website:http://www.spier.co.za

Taphuis & Riverside Pub Conference & Festival Centre Cheetah Park Spier Cellars
REDWOOD DESIGN 15/10 1022

Voorblad:
Koorsang aan die US was onlangs skerp onder die soeklig, ná 'n besluit dat die Universiteit 'n ooreenkoms aangaan met 'n jong Stellenbosse gemeenskapskoor, en dat die tradisieryke US Koor (gestig in 1936) sou ontbind. Berigte hieroor op bll 4-8. Hooffoto: Detail uit "Cantoria," 'n 15de-eeuse marmerpaneel deur Luca Della Robbia.

Matieland word gratis aan Oudmaties en US-donateurs gestuur.

Redakteur, Matieland
Hans Oosthuizen
Uitvoerende redakteur, US-publikasies: Hans-Peter Bakker
Matieland Advieskomitee:
Proff Walter Claassen (voors.), Rolf Stumpf, Piet du Plessis, Johan Groenewald, George Claassen, mnre Kobus Visagie, Hans-Peter Bakker, Hans Oosthuizen
Ontwerp & Uitleg: Alun Davies, Cathy Charman, Metupp
Kontrak-uitgewer:
Metupp Publishing
Reproduksie: Virtual Colour
Drukker: Paarl Post Web, Paarl
Verspreiding: AMA, Kaapstad

Redaksiekantoor:
Posadres: Redakteur: Matieland, Bemarking & Kommunikasie, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland, 7602
E-pos: jcoost@maties.sun.ac.za
Tel: (021) 808-4851/-4632
Faks: (021) 808-3800

Advertensies:
Johannesburg: Metupp Publishing, Posbus 412193, Craighall 2024
E-pos: metupp@global.co.za
Tel: (011) 787-0513
Faks: (011) 787-1771
Johannesburg: Sally Hudson,
Tel: (011) 784-1438 **Sel:** 083-277-6974
Kaapstad: Liz Olbrich,
Tel: (021) 434-4585 **Sel:** 082-552-3298
Faks: (021) 434-4583
E-pos: ollie@icon.co.za

Sirkulasie/Adreslys:
Posadres: Malena Fourie, Matieland-sirkulasie, Bemarking & Kommunikasie, Privaatsak X1, Matieland, 7602
E-pos: mfour@maties.sun.ac.za
Tel: (021) 808-4919
Faks: (021) 808-3800

Jaargang 43 2:1999
ISSN 0025-5947

Matieland

http://www.sun.ac.za/local/news/publications.htm

Sunsat stuur foto's – 15



Werk en waardes – 20

'Superman' se drome – 26

Matie lei die lere – 31

Inhoud/Contents

Die Kunste/The Arts
4 Koor leef voort ná protesaksie
4 Nuwe trustfonds geskep
5 Maties presteer in Wallis
5 'Intense debat bewys betrokkenheid by US'
7 Dis reënbooglekkers se moses
8 Libertaskoor vier 'n dekade van brûe bou

Onderrig/Teaching
9 Toegangstoetse is U.S. se eie maatstaf
10 US kry 'n stel nuwe leerprogramme
13 Veekundiges dien oor 'n breë front
15 Woordeboek help isiXhosa én Afrikaans
15 Universiteit en Cornerstone werk saam

Navorsing/Research
11 Koppies kan Karoo help herstel
14 Sunsat sends striking photos
15 Our satellite represents SA

Uitreik/Outreach
12 Privaatsektor ruk harteenheid reg
19 Suffering young ones get a place of comfort
19 Talle onderwysers by US beter opgelei

Eerbewyse/High honours
22 Nog drie medaljes toegeken
23 Akademie vereer vier vir satelliet

Mense/People
24 Universele genie was nederige Afrikaner
25 Hoe word mense legendes?
26 Maties se verlamde 'Superman' bly glo, hoop en droom

Wellewendheid/Life Style
20 Werk en waardes hou verband

Sport
31 Matie lei Ierse rugbyspan
31 Oudmatie is Oxford-kaptein

Alerlei/Miscellaneous
2 Redaksioneel
2 Klip in die 'Bosch: Lesersbriewe
16 'Nuwerwetse masjien' van 1952 was Afrika se eerste rekenaar
17 'n Plek waar jy soek, verken
18 Analoogrekenaar: Werkesel wie se uur geslaan het?
18 Bouwerk aan Academia vorder fluks
28 In memoriam
32 Naskrif: Deel van my Stellenbosch-ervaring

Redakteursbrief

Millenniumkoors laat 'n mens oor die *toekoms wonder. 'n Beter wêreld? Onsekerhede soos dié waarmee ons aldag worstel? Of 'n hunkering na "die goeie oue tyd?"*

Die "oue tyd" was ook nie altyd net so goed soos wat die geheue dit dikwels selektief vaslê nie.

So 'n bietjie meer as twee dekades gelede, voordat baie van die Maties wat nou op Stellenbosch rondloop (en dikwels in goeie motors rondry!) gebore is, is die Stellenbosse studentekoerant bedryf te midde van stotterende ou VW-kewers, kampusspioene en "'n heerlike vakansie" vir Matie-mans "wat lief is vir die buitelug".

Geen persoonlike rekenaars nie. Net tikmasjiene, meestal rondgekarwei in die ou kewers. Dit was 1977.

In 1952 stel Stellenbossers 'n "nuwerwetse masjien" ten toon: een van die lompe oermonsters waaruit deesdae se kommunikasiesamelewing gegroei het. Optimistiese dae! Die grootste van alle oorloë was net 'n paar jaar verby. En kort ná dié oorlog in 1939 uitgebreek het, het Matie-koshuispret amper ernstige gevolge gehad – met 'n nadraai wat gelukkig net vir die grapmakers pynlik was!

Heelwat vroeër, in die middel-1920's, moes 'n waardige Britse heer, wat met sy akademiese toga en slegs in Engels, in die Ou Hoofgebou klasgegee het, ook onder Matie-pret deurloop.

Waar jeug is, is daar pret, wat later as "goeie oue tyd" onthou word. Baie dinge leef voort, al het so veel in die afgelope eeu dramaties verander. Al word selfs gevestigde instellings soos die US Koor se voortbestaan soms bevraagteken.

Hans Botshuijen

VOLGENDE KEER IN/NEXT TIME IN MATIELAND

- As teologiefakulteit staan die Kweekskool, nou 140 jaar oud, voor nuwe, uitdagende tye.
- With a staggering R29,9 million, the University of Stellenbosch once again leads SA's tertiary institutions within the Technology and Human Resources Programme.
- US-dosent kry internasionale erkenning vir sy werk met 'n wêreldwye probleem: straatkinders.
- A Stellenbosch academic is one of only 40 people world-wide to be awarded an A1 category as researcher.
- Universiteit uit oorlogsgeteisterde Rwanda sluit 'n ooreenkoms met die US.

KLIP IN

Streke oor stiptelikheid

In die middel-twintigerjare het prof AH Mackenzie wiskunde gedoseer. Sy kantoortjie was 'n vlak laer as die lesingkamer in die Ou Hoofgebou. Die dag se eerste lesing was soggens agtuur in die "somertyd" maar halfnege in "wintertyd."

"Prof Mac" was van Britse afkoms en verknog aan heelwat Engelse tradisies, soos klasgee in 'n lang akademiese toga, donker pak klere, das en stywe boordjie. Sy klasse was net in Engels. Stiptelikheid was een van sy uitstaande kenmerke. Voor die klas begin, staan hy al reg. Lui die klok en die studente is op hul plekke, tel hy sy bordkryt of boek op, sê "good morning" en begin die lesing presies waar hy die vorige keer opgehou het!

Onder my klasmaats was Piere Gonin, bekend vir sy "monkey tricks" – waarvoor hy altyd agter in die klas gesit het. Nadat "Prof Mac" sy lesing begin het, vroetel Pierre rond en staan selfs uit sy bank op om te maak of hy iets soek. Mackenzie, bloedig geïrriteer, roep uit: "Mr Gonin, one gentleman late!"

Een oggend kry Pierre sy vergeldingskans. Die aanvangstye skuif "somertyd" toe, die klok lui om agtuur en "Prof Mac" is nog in sy kantoortjie. Deur die wind geskrik gryp hy sy boeke en met sy toga soos 'n bolseil in die wind storm hy die klas binne. Terwyl almal soos muise wag en die professor met geboë hoof voor die swartbord gaan staan, sê Pierre kliphard: "Good morning, Professor. And off course, one gentleman late!"

"Prof Mac" was erg verleë. Maar Pierre het daarmee ook sy slag vir moeilikheid maak verloor, want sy streke in dié klas was daarna vir goed verby!

Jan Basson (93 jaar oud) van Brummeria, Pretoria

Bo: Prof AH Mackenzie in die uniform van die "Victoria College Volunteers," ongeveer 1898. (Lees "Streke met stiptelikheid"). Mackenzie was die groot dryfveer agter dié kollege-korps, wat doodgeloop het toe daar na die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog (1899) sprake was dat hulle in Natal teen die Boere moes gaan veg

DIE 'BOSCH

Hy't homself byna weggehardloop!

In *Matieland* 1:1999 is berig oor die dood van prof (brig) Piet de Vos, wat in 1945 ons fisika-dosent was. Hy het 'n fyn humorsin gehad – soms 'n bietjie stout, want destyds was daar nog nie vroue-ingenieurstudente nie.

As kranige sportman het hy hom veral op die marathon toegelê. Op 'n Maandag vertel hy dat hy die vorige Saterdag 42 km gehardloop het en dat dit 'n groot persentasie van sy gewig geëis het. Een van die "bright boys" sê toe: "Doktor, as u 'n bietjie verder gehardloop het, het daar niks van u oorgebly nie – en dan het ons nie nou klas gehad nie!"

Eugene Pretorius, Potchefstroom (BSc, BIng, 1944-'48)

Getap en geborsel oor 'n oorlogsleuen

Toe die Tweede Wêreldoorlog uitbreek (September 1939) was ek en Willem Conradie kamermaats in Dagbreek.

Christiaan Zietsman werk aan sy MSc, oor radiogolwe – volgens oorlogsregulasies onwettige navorsing wat hy in die geheim doen. Soms vang Willem op sy radio – een van net vier of vyf in Dagbreek – sekere golflengtes vir Christiaan op.

Saans saai Erich Holm, 'n Suid-Afrikaanse student deur die oorlog in Duitsland vasgekeer, Afrikaanse nuus uit Zeesen uit – dikwels nuus wat weens oorlogsregulasies in SA koerante verbied was. Ons kry dus saans lastige gaste, mede-Dagbrekers wat dié uitsending wou hoor.

Willem hou van musiek en Christiaan kry oorfone, soos telefoniste gedra het, met 'n klamp oor die kop, dat Willem se radioluister nie my studies pla nie. Een middag, met die radio aan, hou hy die oorfone voor sy mond en skree: "Hoor hoe vat Erna Sack die hoë note!" Maar die oorfone word 'n mikrofoon en sy stem kom deur die radio!

Saam met Bill van Niekerk, latere volkekunde-professor in Pretoria, besluit ons op 'n spesiale uitsending dié Saterdagaand vanaf Zeesen! Onder ons woonstel se plankvloer was 'n fietskamer. 'n Kabel lei vanaf die radio deur 'n gaatjie in die vloer na die oorfone in die fietskamer waar Bill die "nuusleser" sou wees. 'n Voetestamp op die vloer sou vir Bill laat weet om aan te kondig van 'n spesiale uitsending, "weens besondere gebeure" 'n halfuur voor die gewone een uit Zeesen.

Saterdagaande was die groot kuier by ons. Toe Bill sy aankondiging maak, was daar al 'n klompie. Toe die nuus versprei en "die uitsending" begin, is ons kamer tot op die vensterbanke vol. Bill vertel van 'n soort straal waarmee die Duitsers alle masjiene vanuit hul vliegtuie tot stilstand ruk. Die Britse verdedigingstelsel was in duie. Die Hertog van Windsor, wat voorheen van die Britse troon geabdikeer het, het 'n staatsgreep uitgevoer en 'n Britse republiek uitgeroep. 'n "Nuwe son van republikanisme" het vir Suid-Afrika opgekom!

Sulke nuus het die destydse politieke klimaat onder baie Maties gepas. Na die 1938-Ossewafees was die hunkering na 'n republiek sterk en met die uitbreek van die wêreldoorlog was baie Matiemans Ossewabrandwag-lede.

Die Dagbrekers het gejuig en begin kuier. Tollies was vol! 'n Flou tussenstroom het die ware Zeesen-uitsending gehoor, maar is stilgemaak deur manne wat die staatsgreep-berig gehoor het. Laat dié aand kom twee huiskomiteelede, John Vorster (latere staatspresident) en WA (Bill) de Klerk (latere skrywer), na ons kamer. John was krities oor die "berig" maar Bill, wat omtrent al die Kaapse koerante op die kampus verteenwoordig het, was opgewonde oor sy "scoop".

Ek besef: Kom dié twak in koerante, is daar 'n hoëvlakse ondersoek. Dis oorlog, 'n noodtoestand, baie mense is vir geringer oortredinge geïnterneer, tienduisende Suid-Afrikaners veg in die oorlog – nou kom ons met 'n storie dat dit verby is! Ek wil hê Willem moet bieg, maar hy sê sy pa ('n bekende politikus) en "Oom Jannie" (Smuts) sal lekker lag oor dié poets.

Ek vertel toe die storie vir Bors du Plessis, 'n huiskomiteelid. "Julle gaan tronk toe," sê hy. "En Chrisjan se tesis is in sy maai as die polisie sendstasies op die kampus soek!" Met 'n megafoon hardloop hy die trappe af en bulder onder ons kamervenster: "Geheime radiostasie! Ons is vir die gek gehou!"

Gou was 'n klomp Dagbrekers bymekaar. Ek en Willem is "getap". Doen die Dagbrekers dit nog? Met jou lyfband styfgetrek, is jy kop-ondertoe gehou en jou langbroekspype vol water getap. Dan moes jy tussen rye bene deurkruip om "geborsel" te word. Erg, veral as 'n half-gekoringde ou jou bykom!

Danie Lategan, Kimberley

Stuur u menings aan:
Redakteur:
Matieland, Privaatsak X1, Matieland, 7602;
faks (021) 808-3800; e-pos jcoost@maties.sun.ac.za

Please write to: Editor:
Matieland, Private Bag X1, Matieland, 7602;
fax (021) 808-3800; e-mail jcoost@maties.sun.ac.za

Hulle skryf in Matieland

Word materialisme en grypsug, onder jonger en ouer mense, al hoe meer volop in Suid-Afrika? In sy artikel oor "werk en waardes" skryf **Willie Esterhuyse** oor die dae van "harde en getroue werk" wat vir goed verby is. Prof Esterhuyse, voorheen hoogleraar in filosofie, doseer nou deeltyds aan die US en Ikeys se bestuurskole, dien in 'n aantal maatskappydireksies en is 'n bekroonde skrywer en filosoof.

Bladsy 18

Veekundiges doen allerlei interessante dinge, soos om dieretuin- en troeteldierkos te ontwikkel, om krokodil- en volstruisvleis te verbeter, om die polisie teen veediewe te help, beter visse te teel of 'n uitgestorwe dier te laat "herleef." **Malene Breytenbach**, wat hiervan vertel, is aan die US se Kommunikasie-afdeling verbonde. Sy het voorverlede jaar 'n doktorsgraad in joernalistiek aan die Universiteit behaal.

Bladsy 13

Etienne van Heerden dink terug aan 22 jaar gelede toe hy met "flair en energie" *Die Matie* se redakteur was. Na 'n tyd as prokureur is hy nou 'n gevierde Afrikaanse skrywer, wenner van o.m. die Hertzog-, Rapport en CNA-prys. Sy werke is in nege tale vertaal. As Kaapstadse letterkunde-professor is hy ook eregenoot van 'n VSA-universiteit en besoekende skrywer by universiteite in België en Nederland.

Bladsy 32

Voor die einde van 2000 moet aan die Universiteitsraad verslag gedoen word oor die US Koor se herorganisasie en moontlike herposisionering

KOOR LEEF VOORT NÁ PROTESAKSIE

Die US Koor met sy dirigent, Sonja van der Walt

Feitlik almal het saamgestem: daar is probleme. Maar byna almal het die voortbestaan van 'n studentekoor op hoë vlak aan die US beklemtoon.

Die Stellenbosse Universiteitskoor sou vanjaar ontbind, maar na 'n protes, veral van oudkoorlede, en 'n Universiteitsondersoek hieroor, is dié besluit herroep.

Teen die middel van Maart het die US Raad besluit dat die Stellenbosse Universiteitskoor (gestig in 1936) moes ontbind en dat die US 'n vennootskap sluit met 'n gemeenskapskoor, die Libertas Koor.

'n Belangegroep van oud-US-Koorlede is gestig, vir druk op die raad om sy besluit te herroep. Koorlede en -ondersteuners het 'n protesoptog gehou en 'n versoekskrif met sowat 4 500 handtekeninge oorhandig. Daar was ook 'n versoekskrif met 20 handtekeninge van US-musiekpersoneel en een met elf handtekeninge van nog 'n groep. Sowat 60 briewe ter ondersteuning van die koor se voortbestaan (en enkeles wat die raadsbesluit gesteun het) het in *Die Burger* verskyn en vier in *Eikestadnuus*. *Die Burger* het 22 berigte hieroor geplaas, *Eikestadnuus* vier, *Beeld* drie en *Rapport* een. Die US het ook 87 telefoonoproepe, briewe, fakse en e-pos-boodskappe hieroor gekry.

Ongeveer dieselfde tyd is berig dat die Pretoriase Universiteitskoor einde vanjaar kan ontbind. 'n Transformasiekomitee ondersoek 'n nuwe bedeling vir UP-kore, wat 'n bestaande, oorwegend swart, koor daar insluit.

Teen middel April skort die US Raad op 'n buitengewone vergadering sy vorige besluit oor die US Koor op. Die US-bestuur en twee raads-

Nuwe trustfonds geskep

Die Universiteitskoor het 'n nuwe trustfonds geskep in 'n poging om sy toekoms te verseker.

"Dit sal baie jammer wees as die koor oor 'n jaar of wat weer bedreig word omdat hy nie genoeg geld het nie. Ons vra die duisende mense wat gewys het dat die koor na aan hulle harte lê, om ons ook finansieel te ondersteun," sê die koorvoorsitter, Jolanda Amoraal.

Bydraes vir die nuwe *Universiteit van Stellenbosch Koor Trustfonds* kan gestuur word aan Philippa Kotze, koor- en orkesbestuurder, Konservatorium, tel (021) 808-2349; e-pos gpk@maties.sun.ac.za

lede, Stellenbosse sakeleier mnr Gys Steyn en mnr Herman Baily (burgemeester van Wellington asook voorsitter van die Wynland Distriksraad) moes as ad hoc komitee met die US Koor en ander belangegroepe oor die koor se voortbestaan samesprekings voer.

Dié komitee se aanbevelings (ondersteun deur die koorbestuur) is voorgelê aan die raad, wat op 8 Mei sy besluit van 15 Maart rakende die US Koor herroep het. Die koor gaan nou voort binne 'n oorgangsraamwerk soos dié van ander US-musiekgroepe. Konservatorum-direkteur prof Hans Roosenschoon, saam met die koorbestuur, moet die finale raamwerk vir die koor bepaal.

Die koor se huidige grondwet is herroep om uitvoering te gee aan die oorgangsraamwerk. Roosenschoon is verantwoordelik vir die koor se oorhoofse bestuur. Die huidige koorbestuur is die koor se tussentydse beheerkomitee asook skakel met Roosenschoon. Hy en dié komitee moet teen einde 2000 aan die raad verslag doen oor die koor se herorganisasie en moontlike herposisionering.

Die raad het met waardering kennis geneem van die publiek (veral Oudmaties, personeel, asook oud- en huidige koorlede) se reaksie, en vertrou dié besluit sal help "om al diegene wat deur die oorsponklike besluit geraak is groter tevredenheid en gemoedsrus te gee."

Volgens prof Andreas van Wyk, rektor en visekanselier, wat die voorsitter van die ad hoc-komitee was, het die verdere ondersoek gelei tot verskeie nuwe insigte. "Feitlik almal met wie ons gepraat het, het saamgestem dat daar wel probleme t.o.v. die US Koor bestaan wat aangespreek sal moet word. Terselfdertyd is die belang van die voortbestaan van 'n studentekoor op hoë vlak aan die US deur byna almal beklemtoon. Die oorsponklike raadsbesluit het nie beteken dat die US Koor noodwendig moes ophou bestaan nie, maar dat hy op 'n ander manier sou kon voortgaan."

Maties presteer in Wallis

In die afgelope wintervakansie het die US Koor na Brittanje getoer en 'n tweede plek behaal in die Llangollen internasionale musiek-eisteddfod in Wallis.

Die Maties het bekende kore uitgestof, soos dié van die Poolse musiekakademie, die akademiese koor van die Moskouse Staatsuniversiteit, die Mäster Olosskören van Stockholm in Swede en die akademiese koor van Bryansk in Rusland.

'n Werk van US-musiekdosent prof Roelof Temmingh wat in die eisteddfod deur die US Koor uitgevoer is, het in alle koorafdelings die hoogste punt vir 'n twintigste eeuse komposisie behaal.

Hy het gesê dit sou in dié stadium onbillik teenoor die koor wees om probleme in meer besonderhede te bespreek; gesprekvoering het aangedui dat belangegroepe en individue uiteenlopende menings daaroor huldig. "Die gehalte van die koor is nooit deur die US bestuur of in die gesprekke bevraagteken nie."

Die koor se beheer en bestuur is geïdentifiseer as moontlike rede vir probleme. Dié institusionele aspekte verskil van ander US-musiekgroepe. Van dié groepe val binne studenteverenigings se kader, ander is verbind aan koshuise, en ander word deur die Konservatorium bestuur. Die direkteur en koorbestuur moet die omstandighede ondersoek en in hul verslag voor einde 2000 'n voorstel gee vir die beheer en bestuur van die koor, soortgelyk aan wat vir ander US-musiekgroepe geld.

"Posisionering" verwys na die verwagting dat die koor die US se strategiese raamwerk en missie in die koorkarakter, -programme en – repertorium in ag neem. Die gesprekke het ook laat blyk dat daar aan die US ruimte is vir meer kore. 'n Ryk verskeidenheid van musiekgroepe kan die US net bevoordeel. Dié besluit oor die US Koor raak nie die nouer verbintenis met die Libertas Koor nie.

Stefan Ferreira, verteenwoordiger van die US Koor Belangegroep, sê "die geleentheid om 'n konstruktiewe rol binne 'n gediversifiseerde kooropset te speel, sal met volle oorgawe benut word." Dit is 'n uitdaging en impliseer dat die koor institusioneel én strategies 'n proses van behoorlike beplanning moet ondergaan.

Van Wyk het almal vir hul aktiewe belangstelling in die Universiteit en US Koor bedank. "Die gesprekke het gelei tot nuwe insigte by alle deelnemers aan die gesprekke en tot beter voorstelle om die aangeleentheid te hanteer. Ek is tevrede dat die nuutste besluit van die raad tot voordeel van die hele Universiteit sal strek."

'INTENSE DEBAT BEWYS BETROKKENHEID BY US'

Die intense debat oor die toekoms van die kore aan die US het een ding baie duidelik gemaak – die betrokkenheid van die Oudmaties en die US se ondersteuningsgemeenskap by die US se wel en wee, het rektor en visekanselier Andreas van Wyk oor die US Koor-polemiek geskryf.
"Ek kan my nie indink dat 'n soortgelyke debat by enige ander SA universiteit sou plaasvind nie." Ondanks misverstande oor die raadsbesluit om die koor te ontbind, "is hierdie bewys van noue emosionele betrokkenheid by die Universiteit vir my 'n riem onder die hart."

Hier is enkele van die baie menings uitgespreek in briewe aan koerante of direk aan die US:

Die US Koor "bou voort op 'n trotse en ryke, tradisievolle verlede wat meer as ses dekades gelede begin is, en wat diep spore op die plaaslike, nasionale en internasionale musiekverhoë getrap het. Dit gaan oor 'n gemeenskaplike liefde vir musiek, 'n lewensverryking – beide vir dié wat sing en luister...," het 'n oudkoorlid uit Namibië geskryf.

..."die musiekopvoeding van studente; jong mense op die mees ontvanklike lewenstadium, en wat (na hul studies op Stellenbosch) oor die hele land versprei en 'n invloed in hul onderskeie omgewings uitoefen" was vir ons nog altyd baie belangrik. "In hierdie musiekopvoeding het die US Koor nog altyd 'n ontsaglike groot bydrae gemaak...

"Philip McLachlan, ...seker een van die grootste baanbrekers op die gebied van koorsang in Suid-Afrika, het hierdie opvoedingsfunksie van die koor baie pertinent vooropgestel. Die besondere verhoging van die standaard van koorsang oor ons hele land in die afgelope ongeveer 40-50 jaar is dan ook tot 'n baie groot mate te danke aan koorleiers wat hul kennis, kooropleiding en entoesiasme oorspronklik as lede van die US Koor ontvang het."

In 'n versoekskrif wat die US Koor Belangegroep met 'n protesoptog aan die US Raad oorhandig het, is gesê dat die koor, wat (hoofsaaklik) uit niemusiekstudente saamgestel is, by uitstek 'n medium vorm waardeur musikale onderrig geskied ten bate van diegene wat andersinds in dié opsig arm gelaat sou word. Daar is "'n getalryke korps ►

van huidige dirigente regoor Suid-Afrika wie se belangstelling in musiek, en spesifiek koormusiek, deur niks anders as hul betrokkenheid by die Universiteitskoor aangewakker is nie."

Die koor "is en was 'n bron van besondere trots, veral omdat die hoë standaarde waarvoor die koor bekend geraak het, gevestig is, en gehandhaaf word, deur nie-professionele sangers uit die Stellenbosse studenteliggaam. Hierdie is 'n unieke eienskap van menige universiteitskore, en 'n spesifieke kwaliteit wat ons moet koester."

'n Kaapstadse mediese spesialis: "Musiek lê aan die wortels van die beskawing. Neem jy musiek en sang weg van 'n volk of universiteit, neem jy die wortels van die beskawing weg..." Dié koor "het diep spore getrap in die kultuur- en musieklewe van duisende Oudmaties en Suid-Afrikaners. Die sangfeeskultuur en US Koor het gehelp om vele kore dwarsdeur Suid-Afrika gevestig te kry."

Die ondervinding wat Maties as US Koorlede gekry het, was van onskatbare waarde. "'n Singende volk is 'n gelukkige volk, en sang en kooraktiwiteite bind mense saam op 'n vlak wat verhewe behoort te wees bo kleinlike politiek. Sang is 'n kunsvorm wat in koorvorm deur geweldig baie mense benut kan word. Die stem is 'n Godgegewe instrument wat van die vroegste tye in koorvorm gebruik (is)..." Koor-deelname is van die toeganklikste vorms van musiekbeoefening.

Prof SP Cilliers, 'n ouddekaan van Lettere en Wysbegeerte, US: "Die rol van die Universiteitskoor in die popularisering van koorsang in die land kan moeilik na waarde geskat word."

Prof Deon Knobel van Kaapstad: "Met my aankoms op Stellenbosch was die aansluiting by die koor my eerste blootstelling aan die wonderlike ervaring van saamsing met ander wat sing vir die liefde daarvan. Soos deur die jare met ander junior koorlede gebeur het, is hier 'ontdek' dat ek 'n potensiële solostem het en is ek vir onderig gestuur na prof George van der Spuy en die legendariese madame Annie Lamprecht. Soos vir talle ander medestudente, was dit die begin van my blootstelling aan en liefde vir die klassieke lied-repertorium – wat ons anders ontneem sou wees."

Acáma Fick, vorige US Koor-dirigent en nou dirigent van die Camerata: "Dit is onaanvaarbaar dat musiek 'n soort speelbal word... 'n universiteitskoor is nie 'n 'vlagskip' wat primêr 'n sosiale en demografiese boodskap moet uitdra nie."

'n Ingenieur van Springs: "Ek is 'n oudlid van die US Koor en het vir jare, eers onder prof Johan de Villiers en toe onder Acáma Fick, gesing. Ek het ook die voorreg gehad om in die voorloper van wat nou die Libertaskoor is, te sing, weer eens onder prof Johan de Villiers... Hoewel ek 'n ingenieurstudent was, het die musikale belewenis van om in die koor te sing, vir my 'n totaal ander wêreld geskep, en wat ek met die woord sielsverruiming wil beskryf. Die feit dat ek in die koor kon sing, was vir my seker die hoogtepunt van my studentejare op Stellenbosch. Ek kan met eerlikheid sê dat die moontlikheid om wel in die koor te kon sing, vir my een van die beweegredes was waarom ek op Stellenbosch kom studeer het."

'n Oudlid van die US Koor (en oudkoormeester van die Staatsteater in Pretoria, wat nou in New York woon) het gevra: "Snoei die boom, ja, maar waarom die boom ontwortel?"

Nog 'n oud-koorlid (1969-'71) van Gauteng: "Matieland kan met reg die bakermat van koormusiek genoem word, danksy die bekwame en begaafde koorleiers van die koor die afgelope 63 jaar. In die tyd van Oom Philip McLachlan is hierdie tradisie nie net gevestig op Stellenbosch nie, maar in die hele Suid-Afrika. Vandag kan na Philip McLachlan verwys word as die vader van koormusiek in Suid-Afrika..."

Om die US Koor te ontbind, "plaas 'n onregverdige verantwoordelikheid (las) op die Libertas Koor en andere soos die (Stellenbosse) NG Studentekerkkoor en Acáma Fick se Camerata om na die kulturele behoeftes van 'n uiters diverse groep dorpsbewoners en studente om te sien."

'n Briefskrywer uit Franschhoek: "Dinge kom en gaan, dis deel van die lewe... As daar dan werklik enige meriete in die (US Koor) is, kom ons kyk of dit herrys, ondernemend handel en so gewild word dat dit op eie bene kan staan..."

Daar was ook steun vir die Stellenbosch Libertas Koor:

'n Oudlid van die US Koor: "Die stelling word baie keer en met reg gemaak: 'Die invloed wat Philip McLachlan en sy Universiteitskoor op koorsang, nasionaal en internasionaal gehad het, sal verewig voortbestaan in sy opvolgers. Een van die 'babas' wat uit die moederkoor gebore is, is juis die Libertas Koor. ...Wat nou gebeur, is maar bloot 'n natuurlike proses... Die moeder het oud geword en gaan nou rus. Die babas het groot geword..."

"Die Libertas Koor is juis merkwaardig en het juis internasionale lof verdien soos nog nooit deur enige ander koor in Suid-Afrika nie, omdat die kulturele diversiteit, gewildheid en versoenende boodskap gekomplementeer word deur 'well-shaped phrases, effective dynamic contrasts, rythmic progression and tonal excellence...' (Ivan Meredith, *Argus*, 1994)."

'n Oud-musiekdosent het laat weet "dat ek die US Koor as een van ons belangrikste kultuurbates beskou... Hierdie koor verdien om vertroetel en gesteun te word... "terselfdertyd het ek ook groot bewondering vir die Libertas Koor. Ek kan egter geen rede sien hoekom hierdie twee kore nie – soos nou reeds talle jare – naas mekaar kan bestaan nie. Hulle vul mekaar aan en elkeen vervul 'n belangrike funksie op 'n uitnemende wyse."

Nog 'n oudlid van die US Koor het gesê die US- én Libertas Koor het albei 'n rol in die Stellenbosse gemeenskap te vervul. "'n Koor uitsluitlik vir die jong uitbundige student en 'n koor vir die nie-student, het beide hul regmatige plek..."

'n Stellenbosser het geskryf: "...die Libertas Koor trek keer op keer stampvol gehore van musiekkenners en -liefhebbers hier sowel as oorsee. Dit is tyd om hand in die boesem te steek en te erken dat multikultureel nie altyd 'n verswakking van standaarde teweegbring nie. Inteendeel, dit bring perspektiewe wat voorheen ondenkbaar was."

'n Dokter uit die Noordelike Provinsie: "Ek is 'n Oudmatie en het graag in die Endler na die US Koor gaan luister. Ek kan my glad nie Stellenbosch Universiteit sonder die koor voorstel nie." En "...dit is ontstellend dat 'n waardevolle kultuurinstansie soos die Libertas Koor se integriteit nou bevraagteken word."

Prof Johan de Villiers, dirigent van die Stellenbosch Libertas Koor, het geskryf dat die US Koor se wel en wee, vir hom as oudlid en -dirigent van dié koor, vanselfsprekend na aan die hart lê. ..."Die Libertas Koor streef daarna om wedersydse respek en begrip in ons land te bevorder, en sou graag beduidend wil bydra tot die Universiteit se transformasie-inisiatiewe. Terselfdertyd vertrou ons dat musiek, die edele kunsvorm wat ons almal graag wil dien, in die proses aan 'n meer verteenwoordigende gedeelte van die gemeenskap uitgedra sal word."

'n Oudkabinetslid wie se dogters in die US- en Libertas Koor gesing het, het sy misnoeë uitgespreek oor die "aanvalle op die integriteit en geloofwaardigheid van die Libertas Koor en sy dirigent... Deur die jare het ons groot waardering vir albei kore gekoester en was dit nooit nodig geag om die twee teen mekaar af te speel nie... Diegene wat al 'n Libertas Koor konsert bygewoon het, sal getuig van die 'magic' wat die koor uitstraal. Dit is altyd met nuwe hoop vir ons land en sy mense dat ek huiswaarts keer na 'n uitvoering." M

Is dit die lig in die koorlede se oë as hulle sing? Of die geesdrif waarmee hulle die Afrika-danspassies uitskuifel? CHARLENE TRUTER beskryf 'n aand saam met die Stellenbosch Libertaskoor

DIS REËNBOOGLEKKERS SE MOSES

Die Libertaskoor, 'n inisiatief van die Vroue vir Suid-Afrika, het in 1989 tot stand gekom – om mense van alle rasse en kulture deur musiek saam te snoer.

Die 90 moeë monde wat aan hangende lywe die Konservatoriumtrappe opsukkel, trek los in 'n gekletter as hulle by die Fismersaal instrompel.

Dis 'n vreemde gesig. Dié klomp wat mekaar soos Manchester United beklou na Dwight York 'n doel ingeskiet het.

Dit hou so aan totdat Ray Kewana, die dissiplinêre beampte in die koor en 1,82 meter militêre outoriteit, twee swaar hande teenmekaar klap en die klomp in hul rye inbrul. Binne die volgende twee en 'n half uur word stemme opgewarm, afronding aan die naweek se Endler-konsertprogram gedoen, een of twee koorlede gelukgewens met hul verjaarsdae, reëlings vir die Amerika-toer van die Junie-vakansie afgekondig, pouse gehou en blitskuiertjies ingeryg.

Hy herinner jou aan net mooi g'n mens wat jy al vantevore ontmoet het nie. Dis nou Johan de Villiers: die man wat met onbesonne energie vervaard sy arms voor die neëntigtal rondswaai en enigiets van Rachmaninoff se *Vespers* tot die Kaapse klanke van Nuwejaar uit hulle toor. En dit doen hy al vir tien jaar.

Die Libertaskoor, 'n inisiatief van die Vroue vir Suid-Afrika, het in 1989 tot stand gekom – om mense van alle rasse en kulture deur musiek saam te snoer. Nog in die tyd toe die bevrydingswinde al roukeel geskreeu-kla is vir verandering. Voordat *saamstaan, saamwerk, versoening, reënboognasie, kulturele verdraagsaamheid* en die res van die "Nuwe ►

Die Universiteit van Stellenbosch is een van Suid-Afrika se voorlopers met " toegangstoetse" – wat voornemende Maties bevoordeel én die US help om sy standaarde hoog te hou

TOEGANGSTOETSE IS U.S. SE EIE MAATSTAF

Ongeveer 3 000 leerders lê in September vanjaar US-toegangstoetse af by 16 sentra dwarsoor Suid-Afrika en Namibië

Sedert 1995 ontwikkel die US 'n battery "toegangstoetse" – 'n interessante eie maatstaf van hoe goed sy voornemende studente werklik vir hul beoogde studie voorberei is.

Die bedoeling met dié toetse is, eerstens, om – op 'n vakkundig streng verantwoorde manier – toegang tot die Universiteit te verbreed. Tweedens beliggaam die toetse standaarde wat eie aan die Universiteit is. En derdens verskaf voornemende studente se uitslae in die toegangstoetse inligting waarmee die Universiteit waardevolle raad aan hulle kan gee oor hul keuse van studierigting en loopbaan.

Daarby hou die toetse nóg 'n groot voordeel in: As 'n voornemende student se gemiddelde uitslag in die graad 11- en 12-eindeksamen onder 'n sekere vlak lê, of as sy/haar punte vir 'n spesifieke vak net-net te kort skiet vir toelating tot die Universiteit of tot 'n spesifieke studieprogram – bied die toegangstoetse aan die voornemende student die geleentheid om op sy/haar bestaande prestasie te verbeter, en dus tog formeel tot die Universiteit toegelaat te word.

In die buiteland word sulke toetse al jare lank gebruik. 'n Bekende voorbeeld is die VSA se *Scholastic Aptitude Tests (SATs)*.

Hoewel die US se toegangstoetse vanjaar maar vir die tweede keer amptelik afgeneem word, is hulle klaarblyklik reeds vir hom uiters waardevol as tweeledige instrument: om die toegang tot sy onderrig met sy eie maatstaf te verbreed en om aan sy voornemende en huidige studente aansienlik beter voorligting te gee.

In die ontwikkeling van die toetse onder leiding van die Afdeling Akademiese Steundienste het die US aanvanklik nou saamgewerk met die Universiteit van Kaapstad (UK). Sommige ander universiteite gebruik op 'n beperkte skaal ook toegangstoetse, maar die US en UK is waarskynlik Suid-Afrika se voorlopers op dié gebied.

Wie moet die toetse aflê?

Alle voornemende US-studente wat in hul finale graad 11-eksamen minder as 70% behaal het, moet die toetse op 'n afgesproke Saterdag in September skryf. Na verwagting sal sowat 3 000 leerders vanjaar die toetse by 16 sentra dwarsoor Suid-Afrika en Namibië aflê. Die US het, in noue samewerking met Nasionale Private Kolleges, toetslokale gevestig tot so ver weg as George, Upington, Springbok, Windhoek, Nelspruit, Pietersburg en Durban.

'n Tweede groep wat die toetse moet aflê, is leerders wat in die finale graad 12-eksamen 'n totaal van onder 1 440 behaal het (al was hul gemiddelde in die graad 11-eindeksamen 70% of meer). Hulle skryf by 'n tweede geleentheid, op die Saterdag voor die Universiteit vir die eerstejaars heropen – gewoonlik die laaste Saterdag in Januarie.

Voornemende US-studente wat wel in hul finale graad 11-eksamen 70% of meer behaal het, maar wat twyfel of hul punte vanjaar in die matriek-eindeksamen goed genoeg gaan wees vir akademiese toelating, word wel toegelaat om vrywillig as voorsorgmaatreël die toegangstoetse in September af te lê.

Wat word getoets?

Die US het 'n battery van ses toegangstoetse: Akademiese Taalvaardigheid in Afrikaans en in Engels, Denkvaardighede, Natuur- en Skeikunde, Syfervaardighede, en Wiskunde. Elke toetsling moet net drie hiervan skryf – drie toegangstoetse wat aansluit by die student se voorgenome studieprogram.

Die toetse, die werk van vakkundiges aan die Universiteit, bepaal hoe voorberei 'n leerder is om suksesvol aan 'n universiteit te studeer. Die toetse is nie sillabusgebonde nie, maar konsentreer eerder op generiese vaardighede. Nogtans moedig die Universiteit die kandidate aan om voor die toetsafleggings hul kennis van Wiskunde en van Natuur- en Skeikunde op te skerp – veral as hulle dalk 'n tyd lank geen blootstelling aan dié vakke gekry het nie.

Toegangstoetse sluit nie uit nie

'n Voornemende US-student wat aan 'n spesifieke studieprogram se minimum toelatingsvereistes voldoen en daarvoor toegelaat word, sal nie vanweë die toegangstoetsresultate toegang tot die Universiteit geweier word nie. Daarenteen kan aansoekers wat nie op grond van hul matriekresultate aan die toelatingsvereistes voldoen nie, wel onder sekere omstandighede toelating kry deur in die toegangstoetse goed te vaar!

Na vyf jaar se ontwikkelingswerk het die Universiteit nou die instrumente om voornemende studente se vlak van voorbereidheid veel objektiewer as eers te peil. Omdat dié instrumente – die toegangstoetse – die Universiteit se eie maatstawwe beliggaam, kan hy nou soveel beter oordeel wie behoorlik voorberei is vir universiteitstudie, wie bykomende ondersteuning nodig het, en wie dalk aan 'n ander studieprogram moet dink.

Uiteindelik is die bedoeling nie om mense uit te sluit van onderrig aan die US nie – maar juis om studente aan die US toe te laat met die beste kans op sukses; om die regte studente in die regte rigtings te plaas. En dít alles, sonder om die US se hoë akademiese standaarde enigsins te kompromitteer. M

Die toegangstoetse help die Universiteit om sy eerstejaars beter te adviseer oor hul keuse van loopbaan, studieprogram en/of beskikbare ondersteuningsprogramme

Vanaf 2000 word daar nie meer by die Universiteit van "kursusse" gepraat nie

U.S. KRY 'N STEL NUWE LEERPROGRAMME

Akademici is betrek by 'n nuwe onderrigaanbod-projek wat meer as twee jaar geneem het om te ontwikkel.

Die grootste akademiese beplannings-oefening in die Universiteit se geskiedenis is voorlopig afgesluit toe 'n nuwe stel onderrigprogramme (ook leerprogramme genoem) onlangs goedgekeur is.

"Dit het die US in Suid-Afrika se groep voorste universiteite geplaas sover dit die herstrukturering van die onderrigprogramaanbod betref," sê prof Walter Claassen, viserektor (akademies).

Die besluit om vanaf 2000 na 'n nuwe stel US-onderrigprogramme oor te skakel, is deel van 'n omvattende landwye herstrukturering van universiteite se onderrigprogramaanbod.

By die US word daar nou nie meer van "kursusse" gepraat nie, maar van "programme." Dit is die kort vorm van "onderrigprogramme" of "leerprogramme."

Die opmerklikste verskil tussen programme en kursusse is dat kursusse soms bestaan het uit die vakke of modules wat 'n student redelik vryelik kon kies, terwyl 'n mens by programme eerder aan 'n bepaalde pakket van vakke dink.

Binne 'n program kan 'n mens in baie gevalle steeds vakke kies. Maar dié vakke kan nie meer – soos voorheen met "gewone" of "algemene" kursusse dikwels die geval was – vrylik volgens die student se belangstelling en smaak gekies word nie. Vakke moet nou binne 'n bepaalde stel moontlikhede gekies word. Dit verseker die nodige koherensie in die program, en dat die gestelde uitkomste bereik kan word.

In April en Mei vanjaar het die Universiteit die grootste deel van sy nuwe programaanbod goedgekeur, maar nog programme is sedertdien bygevoeg en teen Junie afgehandel. In party fakulteite het die hele proses meer as twee jaar geduur.

Dosente dwarsoor die Universiteit is daarby betrek. US-akademici het in dié tyd besonder baie tyd en energie hieraan gewy – en dit met groot ywer en geesdrif gedoen, sê Claassen.

"Die omvorming van die bestaande kursusse na programme kom in baie gevalle neer op ingrypende veranderinge en 'n totale herdink van universiteite se aard en doelstellings."

Die nuwe nasionale beleidsraamwerk vir hoër onderwys vereis dit van universiteite. Die Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys (NKHO) het dit in sy verslag duidelik gemaak en dit is ook opgeneem in die Witskrif oor die Transformasie van Hoër Onderwys.

Binne sekere duidelike beleidsraamwerke en verwagtinge kon universiteite self hul programme omvorm en aan die nuwe stel verwagtinge laat voldoen. Claassen sê die US het dié opdrag en verwagtinge ernstig opgeneem en 'n raamwerk van besinning en beplanning oor programme tot stand gebring wat 'n samehangende geheel gevorm het.

Dié raamwerk moes ook verseker dat daar nie maar net aan eksterne liggame se formele vereistes voldoen word nie, maar dat die US doen wat hy glo reg is, volgens die aard van universiteitstudie – én juis volgens wat universiteite se rol in Suid-Afrika deesdae betref.

Walter Claassen – "Die Universiteit is nou veel beter geposisoneer"

Dié breë raamwerk is vervat in die Universiteit se Akademiese Beplanningsraamwerk (ABR) wat in Maart verlede jaar deur die Akademiese Beplanningskomitee (ABK) as 'n besprekingsdokument goedgekeur is. Hierin is 'n benadering gevolg wat later ook neerslag gevind het in die formaat waarin alle US-programme beskryf, voorgelê en geëvalueer is.

'n ABK-subkomitee, die Programevalueringskomitee (PEK), het dié programvoorleggings deeglik bekyk nadat die fakulteite se programkomitees dit onder hande gehad het en die fakulteitsrade dit goedgekeur het. Al dié voorleggings het meer as 6 500 bladsye beslaan.

Die PEK het dit met fakulteite se verteenwoordigers bespreek, om alle onduidelikhede uit te klaar en nog insette van albei kante te kry. Uiteindelik het die Universiteitsenaat en -raad die stel nuwe programme goedgekeur.

Claassen sê die omvattende oefening van programvernuwing en -skepping het:

- die Universiteit se programme relevanter gemaak vir eietydse SA behoeftes;
- die waarde van die kwalifikasies wat studente aan die US verwerf, verhoog;
- Maties verseker dat hul US-kwalifikasies vir hulle meer in die werkswêreld kan beteken;
- innoverende programme aan die US tot stand gebring;
- asook verseker dat die US sy hulpbronne in die toekoms nog doeltreffender kan gebruik.

Die Universiteit het die nuwe programaanbod reeds aan voornemende studente bekend gestel – by sy opedag vroeër vanjaar en ook in die media.

'n Algemene brosjure waarin al die voorgraadse programme kortliks toegelig word, en waarin alle nagraadse programme volgens studievlak en naam gelys word, word nou voorberei. Dit sal ook aan volgende jaar se voornemende nuwelingstudente beskikbaar gestel word, sodat hulle, waar nodig, spesifieke programme kan kies.

US-personeellede wat huidige en voornemende Maties moet adviseer, word deeglik ingelig oor die hele programaanbod en aspekte soos die programbenadering in die algemeen, studente se oorwegings met die kies van bepaalde programme, of toelatingsvereistes vir programme. Dit verseker dat die nuwe programaanbod ook doeltreffend in werking gestel word.

Slegs beperkte opvolgaksies vir programme is nou nog nodig. Aanpassings wat onderrig- en leerbenaderings betref, kry ook aandag.

Claassen sê dié omvattende programaanbod-projek posisioneer die Universiteit veel beter vir die toekoms. M

Met die nuwe programme kan die student nie meer vakke vrylik volgens belangstelling en smaak kies nie

© JOHAN WILKE

Die Karoo is vir baie mense net die lang, eentonige pad tussen Johannesburg en Kaapstad. Maar vir 'n US-botaniedosent en 'n groep internasionale navorsers bied die kenmerkende Karookoppies 'n uitdaging. Deur Terry Nel

KOPPIES KAN KAROO HELP HERSTEL

Uit 'n diere- en plante-oogpunt is die Nama-Karoo glad nie groot en leeg nie.

Oorbeweiding en die Karoo se lae reënval veroorsaak weiveld met plante waaraan die skape nie meer wil vreet nie. Die oplossing lê in die steil Karookoppies.

So glo dr Karen Esler, projek-koördineerder van navorsing wat nou gedoen word oor dié koppies se rol in die herstelproses van die vlaktes van die Nama-Karoo, wat strek van die Oos-Kaap tot bo in Namibia. Die navorsing, wat saam met kenners van regoor die wêreld aangepak word, geniet wye steun.

Dit word nie net befonds deur die Europese Unie asook Suid-Afrika se Nasionale Navorsingstigting (NNS, voorheen die SNO) nie; boere is ook gemotiveer om met die veld se bewaring en herstel te help.

© ANTON JORDAAN

Bo: Karin Esler: Om navorsingsgeld van die Europese Unie te kry, is 'n prestasie. Links: Die Nama-Karoo se kenmerkende koppies. Regs: Eugene Pienaar, 'n MSc-student in botanie aan die US, versamel plantsoorte naby Tafelberg by Middelburg in die Oos-Kaap. Dié berg is op die heel eerste plaas wat in Suid-Afrika omhein is.

"Om geld van die Europese Unie te kry is op sigself 'n prestasie, want net sowat tien persent van alle aansoeke word goedgekeur," sê Esler. Sy is opgewonde oor die samewerking van die boere in die omgewing van Middelburg, Oos-Kaap, waar 'n groot deel van die navorsing by Tafelberg gedoen word. Meer as twintig boere was einde Junie by 'n werkwinkel waar die bewaring en herstel van die veld bespreek is.

'n Interessante verloop is die moontlike inskakeling van Nguni-, oftewel Transkei-beeste. Hulle is gehard en nie duur om te onderhou nie. Hul weigewoontes is beter vir die veld en hulle is nie, soos skape, bang vir steiltes nie. 'n Ondersoek het laat blyk dat Nguni-beeste se vleis ook smaakliker is as ander beesrasse s'n!

Opnames word nou gemaak van die plante en insekte op Tafelberg by Middelburg en dié in die veld op die vlaktes. Dit sal vergelyk word om uiteindelik te bepaal of die koppies moontlike saadbanke bevat, en die insekte wat daarop leef, vir gebruik in die herstelproses. Wetenskaplikes maak soortgelyke opnames in Damaraland, Namibia, wat deel vorm van die Nama-Karoo.

"Die Karoo lyk miskien vir mense groot en leeg, maar uit 'n diere- en plante-oogpunt is dit glad nie die geval nie," sê Esler.

'n Bestuiwingskundige van die Universiteit van Nottingham in Engeland ondersoek die interaksie tussen plante en bestuiwers op die koppies en vlaktes.

Verder is Duitse navorsers van die departement van ekologiese modellering in Leipzig besig met die verwerking van data om klimaatsveranderinge in die Nama-Karoo en die invloed daarvan op plante en insekte te voorspel. Hoewel die negentigerjare tot dusver droër as normaal was, word gekyk of dit 'n afwyking is in 'n langer klimaatspatroon en of dit eenvoudig droër word.

Voorlopige scenario's is dus 'n vermindering in reënval of 'n verandering in reënseisoen. Wat wel voorspel word vir die Nama-Karoo, is 'n verhoging in gemiddelde temperatuur van tot 3,5 grade C oor die volgende vyftig jaar.

"Die Karoo het 'n baie stadige herstelproses, want dis heeltemal afhanklik van reën. Maar die situasie kan aktief verander word as 'n mens net eers verstaan hoe die sisteem funksioneer en watter invloed bestuur, weidingspraktyke en klimaat op die omgewing het," sê Esler. M

Boere is nou ook gemotiveer om met die veld se bewaring en herstel te help

Die harteenheid by Tygerberg behandel elke jaar meer as duisend pasiënte – 'n gehaltediens aan mense tot diep in die Wes-, Noord- en Oos-Kaap asook Namibië

PRIVAATSEKTOR RUK HARTEENHEID REG

Tygerberg se "enjinkamer", sy harteeenheid, funksioneer weer volstoom, danksy sowat R10 miljoen – die grootste privaatsektor-skenking nog aan openbare gesondheid in Suid-Afrika.

Die eenheid se nuwe voorpunt-toerusting is nou so goed soos die beste ter wêreld. Sy ou stelsel was verlede jaar 23 jaar oud en het so swak gefunksioneer dat ander belangrike eenhede in die hospitaal benadeel is.

'n Tweede stelsel was 13 jaar oud en soms was albei stelsels maande lank buite werking. Die herstelkoste was heeltemal buite die hospitaal se bereik.

Sonder 'n werkende hartteater en intensiewe sorgeenheid is 'n harteenheid lamgelê. Dié toerusting is onder meer noodsaaklik om die hart se struktuur en pompaksies te visualiseer.

Nou lewer die harteenheid weer gehaltediens aan ' n reusedeel van die land, tot diep in die Wes-, Noord- en Oos-Kaap, asook Namibië. Die eenheid behandel meer as duisend pasiënte per jaar.

Prof Anton Doubell, hoof van die departement kardiologie in die fakulteit geneeskunde, sê hartsiektes is steeds die grootste oorsaak van sterftes in Suid-Afrika.

Volgens hom verdien hartpasiënte die beste sorg – ondanks hul sosiale en ekonomiese posisie in die samelewing. "Die harteenheid se toerusting was so verouderd dat dit byna onbruikbaar begin word het, en lewens in gevaar gestel het."

Die Wes-Kaapse minister van gesondheid en maatskaplike dienste, mnr Peter Marais, het met die nuwe katerisasie-laboratorium se amptelike opening verwys na die besonderse vennootskap wat in die afgelope jare tussen Tygerberg-hospitaal, die privaatsektor en omliggende gemeenskappe ontwikkel het. "Sestig persent van die sale in die hospitaal is reeds opgeknap met die hulp van die privaatsektor en die gemeenskap."

Drie kabinetslede van die sentrale regering, asook provinsiale leiers, Stellenbosse akademici en senior hospitaalpersoneel het dié openingsplegtigheid bygewoon.

Dr Mangosuthu Buthelezi, minister van binnelandse sake, het genoem dat dié hospitaal tasbare bewyse lewer van gedeelde menslikheid, 'n gees van toewyding, liefde en deernis, en dat dit nie sonder die harteenheid sou kon klaarkom nie. "Sonder 'n hart kan 'n liggaam nie funksioneer nie. Ander departemente kan ook nie daarsonder funksioneer nie."

Die Murray Trust se skending om die harteenheid op te knap, is "die vestiging van 'n vennootskap van wedersydse voordeel tussen die Universiteit, Tygerberg-hospitaal en die privaatsektor," het die rektor en visekanselier, prof Andreas van Wyk, gesê.

Hy het beklemtoon dat gemeenskapsdiens een van die Universiteit se funksies is en dat dit veral sterk na vore kom in die verhouding wat die Tygerberg akademiese hospitaal met die gemeenskap het.

Die rektor het hulde gebring aan almal wat "vasbyt, deurbyt en aanhou" en gesê dié skenking is 'n mosie van vertroue in Tygerberg-hospitaal en die Universiteit.

"Hartpasiënte verdien die beste sorg – ondanks hul sosiale en ekonomiese posisie in die samelewing." Prof Anton Doubell by die ingebruikneming van die harteenheid se nuwe toerusting.

Die harteenheid se nuwe voorpunt-toerusting is nou so goed soos die beste ter wêreld

Dit raak mens en dier, werkers en werknemers, produsente en verbruikers. MALENE BREYTENBACH skryf oor die veekundige wetenskappe, ruggraat van 'n reuse-, belangrike, uiteenlopende bedryf

VEEKUNDIGES DIEN OOR 'N BREË FRONT

Studente uit verskeie Afrikalande studeer in dié departement. SA maatskappye en oorsese instansies borg projekte – 'n belangrike erkening van die Stellenbosse veekundige wetenskaplikes se bydrae tot die landbousektor.

Hulle doen interessante dinge. Soos om die polisie teen veediewe te help. 'n Uitgestorwe dier te laat "herleef." Of beter visse te teel.

Veekundiges lei ook ongeskoolde plaaswerkers op. Verskaf navorsingskennis vir die skatryk perdeteelbedryf. Ontwikkel dieretuin- en troeteldierkos. Verbeter krokodil- en volstruisvleis. En help dalk dat jy nie boerbokvleis koop terwyl jy dink dis lamsvleis nie.

Die Departement Veekundige Wetenskappe het ontstaan uit Veekunde, Skaap- en Wolkunde en Pluimveekunde, wat in 1994 een departement geword het. Dit het onlangs verskeie deskundiges bygekry, en lewer gevorderde navorsing en onderrig asook waardevolle gemeenskapsdiens. Die departement bied byvoorbeeld opleidingskursusse aan vir plaasbestuurders en -werknemers wat nie formeel opgelei is nie.

Prof Faan Schoeman, die departmentele voorsitter, spesialiseer in diereteling en doeltreffender diereproduksie. Sy kundigheid geniet internasionale erkenning. Hy dien in verskeie bedryfsorganisasies en rade, en is lid van ses professionele liggame asook subredakteur van die *SA Tydskrif vir Veekunde in Diereteling.*

Dr Chris Cruywagen is betrokke by kalwer- en melkproduksie, die terugteel van die uitgestorwe kwagga en troeteldiervoeding. Hy is die enigste in die land wat rumenoorblyfsels en mismonsters wat op slagtonele aangetref word, mikroskopies ondersoek om veediewe vas te trek. Die polisie gebruik sy dienste al hoe meer omdat hy hulle al dikwels kon help.

Troeteldiere

Boere dagvaar soms voermaatskappye omdat hul melkproduksie daal. Cruywagen kan dan met toetse bepaal of die swak ruvoer wat by 'n maatskappy se kragvoer gevoeg is dalk die beeste se swak produksie veroorsaak het.

Baie troeteldiere is te vet. Cruywagen ontwikkel die korrekte voeding, met navorsing

wat aan internasionale etiese standaarde voldoen. Die departement doen voedingsproewe met katte en honde. Voermikroskopie wys vervalsings, en watter grondstowwe volledige diëte bevat. Vismeel bevat dikwels veremeel of pluimveeneweprodukte. Dié vervalsings kan nie met gewone chemiese analises opgespoor word nie.

Die SA Museum in Kaapstad lei 'n projek om die uitgestorwe kwagga weer te teel, en Cruywagen bepaal die voedingsbehoeftes hiervoor. Die laaste lewende kwagga het in 1883 in die Amsterdamse dieretuin in Nederland uitgesterf. Velontledings van opgestopte museumdiere het bewys dat die uitstorwe kwagga 'n subspesie was van die vlakte-sebra – wat 'n donker agtergrondkleur het en geen strepe op die boude nie. Vlakte-sebras word nou op verskillende plekke geteel om die uitgestorwe kwagga te laat "herleef."

Dr Vlok Ferreira werk aan klein herkouers (skape en bokke) asook wild se voedingsbehoeftes. Van die vleis wat 'n mens vir lam aansien, is dalk bokvleis, beweer hy.

Dieretuine wat vir wild 'n gebalanseerde en toepaslike dieet moet voorsien, het soöloë in diens maar hulle het nie 'n voedingsagtergrond nie. Ferreira bepaal watter voedingsamestelling nodig is, byvoorbeeld die melkvoeding van 'n wees pigmee-seekoeitjie in die Kangogrottedieretuin. Hy werk ook aan voeding vir Suid-Afrika se groot perdebedryf.

Dr Louw Hoffman is 'n kenner van vleisverwerking – ook krokodille, wild en volstruise s'n – die benutting van natuurbronne, en die manipulering van vleiskwaliteit.

Hy werk ook saam met genetikadosent Danie Brink aan akwakultuur. Die US het R3 miljoen in drie jaar van die Universiteit van Swansea in Wallis ontvang om 'n tilapia-projek te finansier. 'n Britse post-doktorale navorser, dr. Rupert Lewis, is hiervoor na die US gesekondeer.

Supermannetjie

Deur chromosoommanipulasie wil dié viskwekers 'n "super male" voortbring. Hormoonbehandeling sal sorg dat dié visse binne twee geslagte uitgeteel is, sou hulle ontsnap.

Prof James Hayes – sedert 1974 professor in die destydse Departement Pluimveekunde en 'n kenner van monogastriese voeding – tree vanjaar af. Hy werk meesal met varke, pluimvee en volstruise.

Hayes werk ook saam met die "Australian Link Project" wat kleinskaalse pluimveeproduksie onder swart boere borg. R122 000 is reeds ontvang om eierproduksie deur kleinskaalse boere te verbeter. Saam met die Katholieke Universiteit van Leuven ontwikkel hy opleidingsmateriaal en kort kursusse vir pluimveebedryfwerkers sonder formele opleiding. M

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

DEPARTEMENT VEEKUNDIGE WETENSKAPPE

Full-colour photographs taken from space indicate that the high-resolution imager on Stellenbosch University's satellite is functioning as expected

SUNSAT SENDS STRIKING PHOTOS

From a height of 800 km, it is the highest known resolution imager on a micro satellite in orbit today. The images could be used for agricultural purposes.

A river and mountain landscape near Riviersonderend taken by Sunsat on 3 July

Ground detail such as irrigation circles and even small streams are clearly visible from the first test images taken by the Sunsat micro satellite.

Sunsat, a product of the engineering faculty at Stellenbosch University, is the first satellite to have been designed and built in Africa and in the Southern Hemisphere. Nasa, the American space administration, launched the satellite from Vandenberg air-force base in California in February this year.

The Sunsat images, released by the University's Electronic Systems Laboratory in early July, clearly show towns, roads, dams, agricultural fields and other detail.

These full-colour photographs, taken from space at an average height of 800km, show that the high-resolution imager on the satellite is functioning as expected.

3D images

Further tests have to be conducted to verify the system's stereoscopic capabilities. This will enable Sunsat to take two pictures of the same area – one from a forward and one from a reverse angle. By superimposing the two images the photographed area will be visible in 3D.

The ground support team is currently working on image compression on the satellite which will result in faster download times for the photographs.

Staff and students of the electrical and electronic engineering department designed and built the Sunsat imager at the university. The optics (containing a 45° mirror, the 560mm focal length lense system and beam splitter) have been developed by the CSIR in Pretoria.

It is the highest known resolution imager on a micro satellite in orbit today and has a pixel spacing of 15m and swath width of 51.9km from a height of 800km.

Three colours

The "height" of the picture is limited by storage space on the satellite (about 40MB for one full-colour picture) and typically subtends 50km. Each photograph is taken in three colours (green, red and near-infrared) and then superimposed on the ground to form a 24-bit full colour image.

The final Sunsat images are expected to approach the quality of those taken by the French Spot-2 satellite, launched in 1990. In South Africa, Sunsat's images could be used for agricultural purposes to identify crop diseases and growth abnormalities, resulting in cost savings for local farmers.

An identical imager, developed in conjunction with Korea's Advanced Institute of Science and Technology, is now flying on a Korean satellite. MI

A rural area about 150km north of East London taken by Sunsat on 9 July

■ ***For further details refer to the Sunsat web page: sunsat.ee.sun.ac.za***

© COMPILED BY SUNSAT TEAM MEMBERS GARTH MILNE, SIAS MOSTERT AND JAN-ALBERT KOEKEMOER

Two Sunsat team members were included in the South African delegation to an important UN conference on the exploration and peaceful uses of outer space

OUR SATELLITE REPRESENTS S.A.

Prof Garth Milne, leader of the Sunsat project, and Sias Mostert, the development manager, attended the Third United Nations Conference on the Exploration and Peaceful Uses of Outer Space (Unispace III) in Vienna, Austria, at the end of July.

Delegations from more than 150 countries were at this major two-week conference. South Africa's space industry was represented by an exhibition on Sunsat. The CSIR co-ordinated the Sunsat display at Unispace III.

A model of the micro satellite – the Southern Hemisphere and Africa's first locally designed and manufactured satellite, built entirely at Stellenbosch University's Faculty of Engineering – was on display at the conference. The first full colour photographs, taken on 1 July by Sunsat's high-resolution imager at an average height of 800 km in outer space, was also exhibited in Vienna.

Weighing 64 kg, Sunsat circles the earth every 100 minutes at an average speed of 27 000 km/h. It is fully operational and occupies an elliptical polar orbit with altitudes ranging from 600 to 840 km.

The UN's division for outer space is based in Vienna. The previous Unispace conference was held in 1984. It takes place once every 15 years. – ***Douglas Davis***

WOORDEBOEK

HELP ISIXHOSA ÉN AFRIKAANS

Die Departement Afrikatale het die eerste deel van 'n nuwe Afrikaans-isiXhosa-woordeboek ontwikkel en ook begin met 'n isiXhosa-Afrikaanse weergawe daarvan.

'n Verdere uitbreiding wat reeds in 'n gevorderde stadium is, is die vertaling van isiXhosawoorde in Afrikaans. Tot dusver is min gedoen om Afrikaans vir isiXhosasprekers toeganklik te maak. Dié nuwe voltooide volume is dus 'n eerste poging om die Afrikaanse en isiXhosa gemeenskappe te dien.

Die eerste volume (A-N) van die nuwe tweetalige woordeboek uit Afrikaans in isiXhosa is gerig op Afrikaanssprekers wat meer van Xhosa-kultuur wil weet. Dit is nie net 'n vertaling van woorde nie. Verskeie hulpmiddele is ingebou om die Afrikaansspreker te help om 'n gevoel vir isiXhosa te ontwikkel.

Tot dusver is min gedoen om Afrikaans vir isiXhosasprekers toeganklik te maak. Dié nuwe voltooide volume is dus 'n eerste poging om albei dié taalgroepe te dien.

IsiXhosa gebruik 'n verskeidenheid selfstandige naamwoorde vir beskrywing waar Afrikaans byvoeglike naamwoorde gebruik. Dié woordeboek gee verskillende moontlike beskrywings van Afrikaanse woorde.

'Mens' het 143 beskrywings

Die Afrikaanse woord "mens" het byvoorbeeld 143 beskrywings in isiXhosa, waaronder umrhaji of irhathanga, wat "korrupte mens" beteken. Die woord "dier" het 28 isiXhosa- vertalings, waaronder isirhofu, wat "gulsige dier" beteken. Die woord "liggaamsdeel" het 116 verskillende isiXhosa-beskywings van liggaamsdele wat saam gegroepeer is.

IsiXhosa-werkwoorde kan ook op verskillende maniere weergegee word: "Loop" het 52 isiXhosa- beskrywings soos xwashula ("loop met skoene") of qwabaza ("loop met lang treë").

Dié eerste woordeboek vir Afrikaans- en isiXhosa-sprekers stel isiXhosa se omvang en rykdom bekend.

Universiteit en Cornerstone werk saam

Deur die Kweekskool se bemiddeling het die Universiteit 'n ooreenkoms met Cornerstone Christian College opgestel waarvolgens studente van die kollege vir 'n BA-graadprogram by die US kan inskryf.

Die ooreenkoms is onlangs formeel onderteken. Altesaam 43 van die kollege se ongeveer 100 studente het vanjaar reeds as eerste- en tweedejaarstudente aan die US ingeskryf met die oog op die nuwe graadprogram "BA in Christian Ministries" wat vanaf 2000 deur die Universiteit aangebied word. Dit kan onder meer lei tot nagraadse studie aan die Fakulteit Teologie.

Kallie August

Die kollege – gesetel in Plumstad, Kaapstad – is in 1970 as die "Cape Evangelical Bible Institute" gestig. Dit lei Christen-kerklui op wat as leraars, godsdienstige opvoeders, pastorale beraders of sendingwerkers in 'n wye verskeidenheid van denominasies en gemeenskappe werk.

Die program word in sy geheel in Engels aangebied en studente kry hul onderrig by die kollegegebou in Plumstead. Hul opleiding en eksames word deur die dosente in die Fakulteite Teologie en Lettere en Wysbegeerte gemonitor en die kollege se dosente word hiervoor deur die Universiteit geakkrediteer. Die studente sal uiteindelik grade van die Universiteit ontvang.

Benewens al die teologiese vakke is Sosiologie, Sielkunde, Engels, Grieks en Hebreeus van die vakke wat hulle kan volg. Kragtens die ooreenkoms is 'n gesamentlike advieskomitee tussen die twee instansies saamgestel. Dit bestaan uit personeel van die kollege en dosente van twee US-fakulteite, Teologie asook Lettere en Wysbegeerte.

Die Kweekskool – wat sedert sy ontstaan in 1859 hoofsaaklik predikante vir die NG Kerk opgelei het – het reeds met ander organisasies en kerke in gesprek getree oor die moontlikheid van nog sulke samewerkingsooreenkomste.

Intussen is ds Kallie August, 'n predikant van die Morawiese Kerk, sedert die begin van verlede jaar as dosent in die Fakulteit Teologie aan die Kweekskool verbonde.

Hy was voorheen by die Morawiese Teologiese Seminarie in Athlone, Kaapstad. August is vir 'n termyn van drie jaar tot einde 2000 by the US in die Departement Praktiese Teologie en Missiologie aangestel.

Hy bied programme in kerk- en gemeenskapsontwikkeling aan. Dit is toenemend van belang in die lig van die feit dat kerke 'n sleutelrol as nieregeringsinstansies (Engels: "NGOs") ten opsigte van gemeenskapsbetrokkenheid en -ontwikkeling speel.

© ANTON JORDAAN



© ANTON JORDAAN

In 1948, voor die syferrekenaar se dae, begin 'n tegnikus by die
Stellenbosch, 'n analoogrekenaar bou.
Deur Mattie van der Merwe

'NUWERWETSE MA
VAN 1952 WAS AFRI
EERSTE REKENA

Die rekenaar moes 'n halfuur lank opwarm voordat dit akkuraat ko

Blinkoog bekyk 'n vyftienjarige seun 'n nuwerwetse masjien by 1952 se Van Riebeeck-fees in Kaapstad. Die Universiteit van Stellenbosch stal Afrika se eerste analoogrekenaaar uit.

Aangegryp deur die nuwe tegnologie, gaan dié seun na matriek Stellenbosch toe vir sy BSc, BIng-graad. As Matie slyp hy sy rekenaartande op daardie einste rekenaar wat hy by die fees gesien het. Sy naam: Christo Viljoen, latere dekaan van Ingenieurswese, wat verlede jaar as viserektor (bedryf) afgetree het en nou direkteur van die US se Kantoor vir Intellektuele Eiendom is.

In 1948, voor die syferrekenaar se dae, toe elektroniese analoogrekenaars maar 20 jaar lank bestaan het, begin Tom Bezuidenhout, 'n tegnikus by die ingenieursfakulteit op Stellenbosch, die analoogrekenaar bou. Saam met hom neem prof Carl Olën, een van Elektroniese Ingenieurswese se eerste dosente, die voortou om die rekenaar reg te hê vir die Van Riebeeck-fees. Hulle maak hom in 1950 al klaar.

"Dit was maar 'n duur spulletjie," verduidelik prof Jan du Plessis, afgetree maar steeds betrokke by die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese. "Die analoogreke-

1 "Ons het maar gesukkel om punte te kry..." Christo Viljoen (regs) by die voorkant van die analoogrekenaar waarop hy sy rekenaartande geslyp het. By hom is Jan du Plessis. wat by dié ou blikbrein se agterkant drade moes inprop om die komponente in die regte volgorde te verbind. 2 Ingenieur met 'n hart vir geskiedenis: Robert van Zyl in die Explorarium. Hy hou 'n skuifliniaal vas wat uit 1879 dateer. 3 Petrie Meyer met 'n radiostat van 1925 wat met elektriese golwe die senupunte geprikkel het "om gewrigspyne te verlig." Dis nog in 'n werkende toestand, maar help glo nie teen die pyne nie!
4 Robert van Zyl in die Explorarium by 'n uitstalling oor rekenaarkomponente. Die skyfie in sy hand is die moderne ekwivalent van die handgemaakte rekenaargeheue agter, uit 1965, wat 8 KBytes inligting kon stoor. 5 So lyk die ou analoogrekenaar, die oudste in Afrika, agter. Dit was tydrowend om dié drade elke keer oor in te prop om die komponente in die regte volgorde te verbind. 6 Dié foto dateer uit 1966: 'n dosent verduidelik die werking van die analoogrekenaar aan studente.

enieursfakultеit op

SJIEN'
A SE
R



verk. En dit het vakuumbuise gehad – nog voordat daar transistors was.

naar het hulle omtrent 1 000 pond gekos – vandag sou dit sowat R100 000 gewees het!" Om die buise te vervang, het in deesdae se geld ongeveer R4 000 per jaar beloop.

Experimente

"In die laat vyftigerjare moes elke student 'n eksperiment op die rekenaar uitvoer. En bewaar jou siel as jou antwoord verkeerd is... dan kry jy ook nie veel punte nie. Ons het maar gesukkel om by prof Olën punte te kry," vertel Viljoen.

Dié projekte was deel van hul praktika vir die Stelselteoriekursus. Die ou analoogrekenaar was in 'n laboratorium op die boonste verdieping van die huidige Beeldende Kunstegebou, waar Ingenieurswese toe gehuisves was.

Die rekenaar is opgebou uit komponente wat verskillende bewerkings kon doen, soos optel, aftrek, maal en deel. Viljoen sê om 'n unieke wiskundeformule te simuleer, het hulle as studente in pare van twee die rekenaar "geprogrammeer" deur die verskillende komponente op die paneelbord in die verlangde volgorde met drade aan mekaar te verbind. Die rekenaar kon probleme simuleer wat deur differensiaalvergelykings van tot die derde orde beskryf word.

Vakuumbuise

Die ou rekenaar het nog met vakuumbuise gewerk – transistors is eers later uitgevind. Hy moes dus eers 'n halfuur lank kans kry om goed warm te word voordat hy akkuraat kon werk. Intussen kon jy solank die drade inprop om die komponente in die regte volgorde te verbind, 'n tydrowende proses.

Mettertyd is nog komponente bygevoeg sodat die rekenaar al hoe ingewikkelder probleme kon oplos. Du Plessis was die laaste skripsiestudent om op die ou analoogrekenaar te werk. Hy het sy finalejaarskripsie daarop gedoen en die laaste komponente, 'n deelgenerator en 'n gevorderde funksiegenerator wat 'n sinusgolf kon genereer, in 1964 bygevoeg.

In 1972 het Du Plessis 'n nuwe hibriede analoogrekenaar aangekoop wat simulasies van differensiaalvergelykings van tot die 16de orde kon uitvoer. Dié rekenaar het verwyderbare paneelborde gehad. Elke student kon dan sy opstelling van 'n bewerking behou deur die paneel met die ingepropte drade af te haal. Met 'n nuwe paneelbord kon 'n volgende bewerking opgestel word. Dit was gerieflik, maar duur. Die rekenaar het net enkele buise gehad – transistors het al die ander se werk oorgeneem.

Wind en Weer

Mettertyd verval die ou analoogrekenaar in onbruik. Hy beland vergete buite in die wind en weer nadat die Ingenieursfakulteit vroeg in die sewentigerjare hul nuwe geboue betrek. Totdat oom Bun Booyens, gewese professor in Kultuurgeskiedenis, 'n opname moes maak van ou US-artefakte en -laboratoriumtoerusting met historiese waarde.

Een van Viljoen se drome was om geskikte items bymekaar te maak en uit te stal in 'n wetenskapmuseum. Du Plessis kon die ou analoogrekenaar na 'n soektog in die buitelug opspoor en red voordat dit as skroot verkoop kon word.

Dit is nou in die Explorarium wat in 1998 ingerig is. Kinders van die 21ste eeu wat grootword sonder begrip van 'n wêreld sonder rekenaars, kan hulle daar gaan verwonder aan 1952 se "nuwerwetse masjien" – die eerste analoogrekenaar wat in Afrika gebou is.

■ *Lees ook die berig op bl. 18.*

Dit was 'n duur spulletjie – sowat R100 000 in deesdae se geld! Om die buise te vervang, het ongeveer R4 000 per jaar gekos

'N PLEK WAAR JY SOEK, VERKEN

Die Explorarium – in die voor-portaal van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese – is nie net 'n klein museum met interessante elektriese en elektroniese oudhede nie, dis ook bedoel om lewendige elektonika-eksperimente te huisves.

Weens die besoekers se deelname heet dit Explorarium: 'n plek waar jy aangemoedig word om te verken, om meer oor die ontwikkeling van tegnologie agter te kom.

Robert van Zyl, 'n PhD-ingenieurstudent wat ook 'n hart vir geskiedenis het, was grootliks verantwoordelik vir die Explorarium. Hy het dit in sy vrye tyd tot stand gebring. Twee dosente, Petrie Meyer en prof Jan du Plessis, het gehelp. Telkom het geld gegee vir pragtige vertoonkaste.



Die Explorarium herberg 'n interessante versameling geskiedkundige voorwerpe. Naas Afrika se oudste analoog-rekenaar, is daar byvoorbeeld 'n Sjinese abakus en 'n handgemaakte rekenaargeheue wat behoorlik lyk soos 'n stuk weefwerk van draad!

Daar is ook toerusting wat dekades oud is, soos 'n buisradio van 1937, ossilloskope en multimeters, 'n werkende radiostat-stel wat in 1925 gebruik is om artritis te verlig en 'n model van die eerste satelliet wat deur die fakulteit opgestel is. Die oudste voorwerp is 'n skuifliniaal van 1879.

Die Explorarium gaan met meer interaktiewe uitstallings uitgebrei word. Dit is selfs in universiteitsvakansies oop vir besoekers. Skenkings en voorstelle is welkom.

Navrae: mev Lock (sekretaresse) by tel. (021) 8084481 of Robert van Zyl tel. (021) 808-3805; e-pos rrvanzyl@firga.sun.ac.za of skryf na Posbus 3280, Matieland, 7602.

ANALOOGREKENAAR: WERKESEL WIE SE UUR GESLAAN HET?

Deur PW van der Walt

Die eerste outomatiese rekenaars was analoogrekenaars – gebou rondom modules wat sekere wiskundige verwerkings meganies of elektronies kon uitvoer.

Hulle is wyd gebruik om die werking van stelsels tydens die ontwerpstadium of vir opleidingsdoeleindes na te boots, of om berekeninge in werkende masjiene te doen.

Die eerste vlugsimulators vir die opleiding van vlieëniers het analoogrekenaars gebruik om die beweging van 'n vliegtuig in reaksie op die vlieënier se aksies te bepaal. En in die twee wêreldoorloë het duikbote en skepe analoogrekenaars gebruik om hul torpedo's en kanonne te rig.

Vliegtuie

Tot in die sestigerjare het outoloodse op vliegtuie nog meganiese analoogrekenaars gebruik om die vliegtuig se posisie te beraam. Mettertyd het elektroniese weergawes die meganiese rekenaars vervang. Met die koms van halfgeleierelemente, eers in die vorm van transistors en later in die vorm van geïntegreerde bane waar 'n enkele pakkie tiene en selfs honderde transistors op een silikonvlokkie gehuisves is, kon elektroniese rekenaars baie kleiner as hul meganiese eweknieë gebou word.

In elektroniese analoogrekenaartoepassings word omsetters gebruik om fisiese groothede, soos temperatuur, druk en snelheid, om te skakel na spannings wat in tyd ooreenkomstig met die fisiese grootheid verander. Dié spannings word dan verwerk deur modules wat wiskundige bewerkings soos integrasie, optel, aftrek en vermenigvuldiging kan doen. 'n Mens "programmeer" die rekenaar deur die modules so te verbind dat dit 'n bepaalde fisiese stelsel naboots.

Syferrekenaars doen nou die werk van programmeerbare analoogrekenaars. In teenstelling met die analoogrekenaar, wat met kontinu-veranderende fisiese groothede as in- en uittreeseine gewerk het, werk syferrekenaars wat vir stelselsimulasie gebruik word met 'n reeks getalle wat bepaalde fisiese groothede op bepaalde tydstippe voorstel. Die fisiese groothede word, soos met die analoogrekenaar, met omsetters omskep na ekwivalente spannings, en dié word dan deur analoog-na-syferomsetters omskep in 'n reeks getalle.

Gekombineer

In die sestiger- en sewentigerjare is analoog en syferrekenaars dikwels gekombineer. Die analoogrekenaar het dan sekere wiskundige bewerkings gedoen wat nie vinnig genoeg deur die syferrekenaar gedoen kon word nie, terwyl die syferrekenaar met sy baie meer gesofistikeerde metode van programmering verdere bewerkings of veranderende stelselparameters gehanteer het.

Namate syferrekenaars se geheuekapasiteit en spoed toegeneem het, het hulle nie net die programmeerbare analoogrekenaar se funksie oorgeneem nie, maar dit as 'n veelsydige werkesel heeltemal oorskadu.

Die analoogrekenaar leef wel in 'n verskuilde vorm voort. Elke analoog beheerstelsel kan beskou word as 'n klein analoogrekenaartjie wat wiskundige bewerkings elektronies uitvoer en toegewy is om 'n bepaalde taak te verrig. Die elektroniese spoedbeheer in pa se elektriese handboor, die hoëtrouversteker in die sitkamer is voorbeelde van doelgemaakte "analoogrekenaars".

En Sunsat, die Universiteit se satelliet wat nou om die aarde wentel, bevat sowat tien analoogrekenaartjies, elkeen doelgemaak vir 'n spesifieke funksie, soos die spoedbeheer van 'n reaksiewiel en die drombeheer van die hoëresolusie-kamera.

■ *Prof PW van der Walt is dekaan van Ingenieurswese aan die US.*

Bouwerk aan Academia vorder fluks

Bouwerk aan Academia, 'n unieke studenteverblyfkonsep, se eerste fase het einde Mei begin. Die eerste studente trek in Januarie 2000 daar in.

Dit is vir 762 studente op Stellenbosch, en sal bestaan uit 30 lossstaande drieverdieping-geboue, elkeen vir sowat 24 studente. Die eerste agt geboue, vir sowat 240 studente, word nou opgerig. Dit is oos van die Ingenieursfakulteit, slegs 'n straatblok vanaf die hoofkampus en sluit aan by die Matie-behuisingskomplekse Huis Macdonald en Concordia.

Academia is Suid-Afrika se eerste projek wat teen 'n enkelbedrag-betaling vooruit verblyfplek op kampus vir die student kan verseker – vir die volle duur van sy/haar studie.

'n Mens kan dus nou al blyplek verseker vir jou kind (of kleinkind) vir eendag as hy/sy 'n Matie word. Word studie byvoorbeeld onderbreek, kan die verblyfplek teen daardie tyd verkoop of onderverhuur word. Academia Eiendomsadministrasie, die bestuursmaatskappy wat ook die projek se ander bestuurs en bedryfspligte hanteer, sal dit namens die betrokkenes doen.

Academia bied vier soorte akkommodasie, van 'n volledige eenslaapkamerwoonstel tot slegs 'n kamer met 'n badkamer. Alle verblyf is privaat en meestal toegerus met onder meer 'n yskas, tweeplaat-stoof en oond. Die inwoners sal slegs beddegoed en kookgerei self verskaf.

Dié privaatverblyf is ook besonders omdat elke enkelkamer-studeerarea 'n rekenaarkoppelpunt na die Universiteitsnetwerk sal hê. Studente sal dus elektronies met dosente kan kommunikeer of bedags en snags uit hul kamers uit toegang tot die Universiteitsbiblioteek se databasis hê.

Parkering sal verskaf word in die sekuriteitsomheinde ontwikkeling met sy landskap-tuine, maar studente kan selfs saans langs die veilige groen roete hoofkampus toe stap.

Omdat Academia op Universiteitseiendom ontwikkel word en die geboue aan die US sal behoort, gaan daar soos vir Universiteitskoshuise 'n gedragskode geld.

■ *Volle besonderhede oor Academia is beskikbaar op www.academia.co.za, of skakel Hennie by faks (021) 595-2028 of tel. (021) 595-1444.*

© ANTON JORDAAN

Unieke Matie-blyplek: Die terrein aan Banghoekweg oos van die Ingenieursfakulteit waar Academia se eerste fase gebou word



A Stellenbosch academic co-ordinates the work of South Africa's first stress clinic for traumatised children

SUFFERING YOUNG ONES GET A PLACE OF COMFORT

Many youngsters suffer from social and academic dysfunction and emotional distress. The Cape's traumatised children and teenagers can now be evaluated and treated.

Crime, abuse and violence affect many young South Africans, at home or in the community. A new clinic helps to address this problem.

Aptly named Bathuthuzele (isiXhosa for "comfort them") the youth stress clinic is a joint venture between the Medical Research Council (MRC) and the universities of Stellenbosch, Cape Town and the Western Cape.

Bathuthuzele operates from the MRC and the three universities. The MRC's Research Unit on Anxiety and Stress Disorders, headed by Prof Dan Stein of Stellenbosch University, co-ordinates it. Stein also heads the University's psychiatry department.

Psychologists

He says the wide-spread violence and post-traumatic stress disorder (PTSD), especially among children in areas such as Khayelitsha, and the deaths and disability which this cause, has high associated costs. It was urgent that experts and institutions should work together to make the much-needed, effective treatment possible.

Psychologists, often lacking scientific knowledge about younger patients, are uncomfortable to treat them. Advances in psychiatric methodology and the training provided by the clinic, now enable psychologists to assess younsters clinically and to treat them effectively. At the same time, research increase knowledge about the effects of trauma. Parents, teachers and the youth can be educated about this, and shown how to recognise danger signs and where to go for help.

Mr Rafiq Lockhat of UWC's psychology department says free workshops will be provided for teachers. Young people are paid to go for treatment. Even taxi fares they cannot afford are paid for them.

Challenges

Prof Tyrone Pretorius, dean of UWC's community and health services faculty, says all educational institutions face challenges and has to deal with crime, unemployment, aids, violence in homes, schools and communities. "We should move beyond turf issues, and work towards mutual goals."

Dr Carl Ziervogel of the Red Cross Children's Hospital and representative of the University of Cape Town (UCT), says the project has six guiding aspirations: scientific excellence, a response to public health priorities, appropriate dissemination of findings, collaboration to share limited resources, research capacity building and epidemiological progression monitoring. Collaboration is essential. "One can't do it on one's own." Mutual support means better efficiency and eliminated duplication.

Prof Melvyn Freeman, director of Mental Health and Substance Abuse at the Department of Health, has praised the initiative. "Suffering young people must be helped back into the mainstream of productive life." M

■ *Qualified psychologists and psychiatrists staff the clinic. Its toll-free number is 0800-600-411.*

Young people must be helped back into the mainstream of productive life

© IMAGE BANK

TALLE ONDERWYSERS BY U.S. BETER OPGELEI

Onderwysers kry feitlik nie meer studieverlof om aan 'n universiteit verder te studeer nie. Maar die universiteit kan nou na die student geneem word.

Prof Tommy Park, dekaan van Opvoedkunde, sê al hoe meer onderwysers benut deesdae afstandsonderrig. "In die US se Fakulteit Opvoedkunde streef ons egter nie na getalle nie; ons wil mense help wat uit verdere studie baat vind."

Die getalle onderwysers wat dié onderrig by die US kry, is tog treffend. Vir BEd is daar byvoorbeeld 1 086 inskrywings, vir Kurrikulumstudie 613, vir Ondersteuning van Spesiale Onderwysbehoeftes 227 en vir Natuurwetenskappe (Wiskundige Wetenskappe) 331.

Daar is ook 'n BEd-toegangskursus vir mense wat nie geregistreerde US-studente is nie, maar wat aansoek kan doen om toelating tot die BEd-program nadat hulle die Toegangskursus geslaag het.

Om "gekwalifiseerd" te wees, moet 'n onderwyser matriek plus drie jaar verdere opleiding hê – 'n vereiste waaraan sowat 102 000 onderwysers in Suid-Afrika nie voldoen nie. Die US se afstandsonderrigprogramme is gemik op die onderwysers wat wel aan dié definisie van gekwalifiseerd voldoen – nie op die sowat 102 000 ongekwalifiseerdes se behoeftes nie.

Die fakulteit bied billike, bekostigbare en gelykwaardige gehalte-geleenthede vir verdere onderwysers-opleiding, en neem konstruktief deel aan die die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel se transformasie.

Leerders oral in die land behoort dieselfde toegang tot kwaliteit-onderwys te hê, sê Park. Die verandering in die samestelling van die studentebevolking in die opvoedkunde-fakulteit op Stellenbosch help om die ongelyke deelname van leerders uit verskillende groeperings uit te wis.

Suid-Afrika beleef in werklikheid 'n groot aanvraag na goed gekwalifiseerde onderwysers. Volgens Park lewer die Fakulteit Opvoedkunde op Stellenbosch in dié opsig 'n groot bydrae. M

Die dae van "Harde en getroue werk is 'n persoonlike morele plig" is vir goed verby. Gedy materialisme en grypsug in Suid-Afrika – onder jonger én ouer mense?

WERK EN WAARDES HOU VERBAND

Selfs al vertoon ons 'n obsessie met vaardighede en bevoegdhede, kan ons nie menslike hoedanighede, deugde en waardes uitskakel nie

Deur Willie Esterhuyse

Ivan Boesky en Michael Milken was van die bekendste en magtigste persoonlikhede by Wallstraat in die VSA. Só magtig – en ryk, want rykdom en mag loop in kapitalistiese samelewings hand aan hand – dat Boesky kon opmerk: Dit voel goed om gulsig te wees.

Nóg hulle mag nóg hulle rykdom kon hulle egter uit die tronk hou toe hul skelmstreke uiteindelik op die lappe gekom het. Dit was een van die grootste en duurste skandale wat korporatiewe Amerika getref het.

Hierdie en ander skandale het daartoe gelei dat "sake-etiek" nie meer 'n woord is wat net deur grapmakers gebruik word nie. Trouens, John Shad, voormalige voorsitter van die "Securities and Exchange Commission" in die VSA, het uit sy persoonlike rykdom nie minder nie as $20 miljoen aan die bestuurskool van Harvard geskenk om programme in sake-etiek te ontwikkel.

Vandag vorm sake-etiek 'n onderdeel van die meeste MBA-kursusse en bestuursprogramme wat by bestuurskole van naam aangebied word. Trouens, in Suid-Afrika het die Universiteit van Stellenbosch se Nagraadse Bestuurskool die voortou geneem. Ondersteun met 'n skenking van Nedcor 'n hele klompie jare gelede, is etiek 'n verpligte kursus van die MBA en 'n onderdeel van die oorgrote meerderheid bestuurs- en ander programme wat by die USB aangebied word. Selfs die gemeenskapsgerigte programme – soos die Ethos-program – sluit etiek in.

Vanwaar die belangstelling?

Die beklemtoning wat die etiek gekry het, kom nie net van die toename in skandale, kantoormisdaad en korrupsie nie. Dié kwessies, veral in ons tegnologies- en inligtingsgedrewe samelewing, speel wel 'n groot rol. Tegnologie, en vaardighede wat met ons inligtings- en kenniskultuur saamhang, het dit inderdaad vir gewetenlose mense moontlik gemaak om 'n onderneming of instelling rot en kaal te besteel sonder dat dit betyds agtergekom word.

Die bedrae wat deur kantoormisdaad, of witboordjie-misdaad – die sogenaamde skelms met kultuur! – in Suid-Afrika verlore gaan, is reeds astronomies. En dan word alles nie eens aan die polisie gerapporteer nie.

Trouens, daar is al maatskappye in Suid-Afrika wat hul eie afdelings het om gesteelde bates terug te vind omdat die polisie nie altyd in staat is om dit te doen nie.

Ander baie belangrike redes vir die belangstelling in etiek, sluit in:

- Die groot klem op goeie korporatiewe regering – veral na die Cadbury-verslag in Brittanje en die Kingverslag in Suid-Afrika. Die verantwoordelikhede van die direksie, sy voorsitter en die hoof-uitvoerende beampte – tesame met bestuur as sodanig – het die afgelope vyf jaar buitengewone belangstelling gekry. Vandaar ook die etiese kodes wat binne talle maatskappye hulle verskyning gemaak het.
- Die sterk fokus op leierskap pleks van blote bestuur. En, daarmee tesame, die fokus op kwessies soos 'n inspirerende visie, kernwaardes en deugde soos integriteit en betroubaarheid. Dit word vandag algemeen aanvaar dat bestuursvaardighede nie genoeg is om 'n instelling die volgende millennium in te neem nie. Visionêre, inspirerende en etiese leierskap sal veral nodig wees.
- Die belang van waardes, bestuur deur middel van waardes én die bestuur ván waardes. Daar is vandag geen noemenswaardige maatskappy wat nie voortdurend aandag gee aan die waardes wat dit graag binne maatskappyverband geïnstitusionaliseer wil sien nie. Daarom word van hierdie waardes gepraat as *kernwaardes* ("core values").

Behalwe bestuur déúr waardes, kry die bestuur ván waardes ook toenemende aandag – veral in multikulturele samelewings. Ons praat in der waarheid hier van twee fasette van die bestuursproses wat in balans met mekaar gehou moet word. Dis immers so dat waarde-konflik, en die stryd en onstabiliteit wat daarmee saamgaan, katastrofaal vir enige maatskappy kan wees.

Sink, of wen

Dit is ook een van die redes waarom daar vandag baie gewag gemaak word van wat genoem word die "organisasiekultuur" van 'n maatskappy. Dié kultuur kan 'n onderneming help sink. Of dit kan van 'n onderneming 'n wenner maak. Daarom bestryk transformasie gewoonlik die struktuur, kultuur én waardes van 'n organisasie.

Hierdie en ander fasette van die debat oor maatskappye van die toekoms, sluit die etiek as 'n belangrike dimensie in.

'n Belangrike uitloper hiervan is die aandag wat "werksetiek" nou kry. Die vraag word al meer en meer gevra: Watter rol, indien enige, speel leierskap, goeie korporatiewe regering, kernwaardes en organisa-

Die bedrae wat deur kantoormisdaad, of witboordjie-misdaad – die skelms met kultuur! – in Suid-Afrika verlore gaan, is reeds astronomies. En dan word alles nie eens aan die polisie gerapporteer nie

Wat dinge vir Suid-Afrika, soos vir alle ontwikkelende lande, moeilik maak, is dat ons in drie wêrelde staan

© GALLO IMAGES

siekultuur in die vestiging van 'n dinamiese werksetiek?

Daar word met ander woorde nie meer bloot gesê nie: Werksetiek is 'n persoonlike verantwoordelikheid, 'n deug wat die individu móét ontwikkel as hy of sy êrens wil kom. Daar word ook gevra: Wat moet die struktuur, kultuur en kernwaardes van die organisasie wees om werksetiek te bevorder?

"Sake-etiek" is nie meer 'n woord wat net deur grapmakers gebruik word nie

Calvinisme

Die dae toe gesê is: "Harde en getroue werk is 'n persoonlike morele plig" – onder andere geïnspireer deur die Calvinisme en Puritanisme – is vir goed verby. Dit is miskien tragies. Maar dit is 'n gegewe.

Trouens, in die sake-etiek word aanvaar dat daar nog meer radikale veranderings op ons wag namate die tele-wêreld en tele-samelewing, met sy telewerk en tele-interaksie, gestalte aanneem. Dit sal die aard van werk, die organisasie daarvan en die beskouings daaroor nog meer radikaal verander as wat nou al die geval is.

Wat dinge in dié verband vir Suid-Afrika, soos vir alle ontwikkelende lande, so moeilik maak, is dat ons in drie wêrelde staan. Ons is nog in die wêreld van arbeidsintensiewe industrieë. Maar ook in die wêreld van vaardigheidsintensiewe industrieë. En boonop in die wêreld van kennisintensiewe industrieë – al is dit in bepaalde gevalle nog net met 'n toon of twee. Hoe die sake-etiek, en sy hand in die werksetiek, ten opsigte hiervan moet reageer, is gladnie 'n eenvoudige probleem nie.

'Breinwerk'

Ons moet onthou dat in die opduikende tele-wêreld, met sy kennis-intensiewe industrieë, "spierwerk" vervang is met "vingerwerk" en "breinwerk". Kennis- en dienswerkers het skielik die "rykdom van nasies" geword.

Maar erger: Hierargieë en burokrasieë is "uit". En "netwerke" en "vennootskappe" is "in". Ook "in" is werksmobiliteit, beroepsmigrasie, meerdere deeltydse werk, "federale" organisasies en "koöperatiewe" kapitalisme – en die intuimeling van tradisionele organisasie-lojaliteite.

Dié is vervang met "professionalisme," verbintenis tot 'n span, identifikasie met die sogenaamde "ekspert groep" en ander netwerke. Dit beteken dat ons oor werksetiek baie meer gedifferensieerd en skeppend moet dink. Daar is nie meer een saligmakende resep of model moontlik nie.

Maar, wat ook al die geval is, in ons snel veranderende wêreld, waarvan ons nie kan wegkom nie, staan werk en waardes regstreeks met mekaar in verband – watter soort werk 'n mens ook al doen en hoe daardie werk ook al georganiseer is. Ons kan miskien anders oor die aard en funksie van waardes dink as voorheen. Maar ons kan nie daarsonder oor "die toekoms van werk" (Charles Handy) dink nie. Selfs al vertoon ons 'n obsessie met vaardighede en bevoegdhede, kan ons nie menslike hoedanighede, deugde en waardes uitskakel nie.

Vakbonde

Wat hierdie hoedanighede, deugde en waardes moet wees, kan nie hier bespreek word nie. Dis in ieder geval wenslik om deur middel van waardewerkswinkels waarby fokusgroepe betrek is, insluitende verteenwoordigers van vakbonde, konsensus hieroor te kry. Wat wel interessant is, is dat kwessies soos vertroue, toewyding, eerlikheid, integriteit, verantwoordelikheidsin, spanwerk, diensbaarheid en regverdigheid telkens by werkswinkels as waarde-prioriteite aangemerk word.

Dit dui dalk daarop dat, ondanks talle veranderings, daar sekere sake is wat mense baie op prys stel as dit oor hul werksomgewing en interaksie met ander mense gaan.

Of Suid-Afrikaners, veral die nuwe geslag, 'n aanvaarbare sake- en werksetiek het, is nie 'n vraag wat maklik beantwoord kan word nie. En 'n mens moet versigtig wees met veralgemenings. Dit wil soms lyk asof die materialisme en grypsug waardeur ontwikkelde samelewings reeds gegaan het en wat intussen getemper geraak het, by ons gedy – onder jonger én ouer mense. Soos iemand dit gestel het: "Take what you can get and aim for more." Hopelik sal dit nie Suid-Afrikaners se lewensfilosofie word nie. M

■ *Prof Willie Esterhuyse doseer sake-etiek.* *Lees ook bll. 3 en 23.*

NOG DRIE MEDALJES TO

Nog drie mense, onder wie 'n 85-jarige Kaapse sakeman wat skaars 'n maand later oorlede is, het die Universiteit se Pro Bene Merito medalje ontvang.

Mnr Harold Bracewell van Seepunt, 'n afgetrede meesterbouer, het as 'n trustee van die Harry Crossley Stigting oor drie dekades 'n sleutelrol gespeel in die toekenning van bykans R17 miljoen aan die US. Dit het honderde Maties deur die jare in staat gestel om nagraads gehad om die stigting se toekennings aan die Universiteit selfs te verhoog. Mnr Ronald Paterson was in die afgelope jare saam met Bracewell 'n trustee van die stigting.

Van Wyk het die medalje in Bracewell se huis aan hom oorhandig, omdat sy gesondheid toe reeds baie swak was.

Neethling is een van die Universiteit se groot weldoeners. Hy is by Ikeys as dokter opgelei, maar drie van sy vier kinders het op Stellenbosch gestudeer. Hy het 'n reuse-bydrae aan die Universiteit gelewer deur die Piet onderwys in Suid-Afrika gedien het, veral by die US.

Von Münch is wat die staatsreg betref 'n huishoudelike naam in Duitsland. Hy is onder meer die skrywer van 'n kommentaar op die Duitse grondwet. Van sy staatsreg-werke is in Japanees en Sjinees vertaal. Hy was ook 'n Duitse parlementslid en is 'n oudpresident van die invloedryke Friedrich Neumann Stigting.

As goeie vriend van die US is hy in 1966 – op eie koste – die eerste keer Stellenbosch toe om

Van links af: R17 miljoen vir studie en navorsing: Arthur Bracewell, met die medalje wat hy kort voor sy dood gekry het; Oudikey wat vir 'n Matie-beursfonds van meer as 'n miljoen rand gesorg het: Dr Piet Neethling; Duitse staatsreg-kenner en geesdriftige ambassadeur vir die US: Prof Ingo von Münch

te studeer of om in Suid-Afrika en in die buiteland navorsing te doen.

Die ander twee medaljes het gegaan aan dr Piet Neethling, voorsitter van die raad van trustees van die Universiteit se Eeufeestrustfonds, en 'n Duitse akademikus, prof Ingo von Münch.

Bracewell, wat jare gelede as Britse immigrant Suid-Afrika toe gekom het, het nie 'n verbintenis met die Universiteit gehad nie. Maar as trustee van die Harry Crossley Stigting het hy – en sy destydse medetrustee, wyle mnr Arthur Hogan-Fleming – in moeilike omstandighede en ondanks kritiek, die vertroue in die US Neethling Opvoedkundige Trust aan die US te stig en oor 'n aantal jare self meer as 'n miljoen rand tot die trust se kapitaal te skenk.

Die trust se opbrengs dra jaarliks by tot beurse en studielenings aan begaafde, behoeftige US-studente, en spesiale beurse aan Matie-rugbyspelers. Die trustkapitaal is R1,4 miljoen, met 'n markwaarde van meer as R2,5 miljoen.

Prof Andreas van Wyk, rektor en visekanseliер, het met die medalje-oorhandiging aan Neethling gesê sy "grootheid van gees" en sy "verbondenheid met Stellenbosch" het tot uiting gekom in die manier waarop hy tersiêre 'n kursus te help aanbied. Met sy tweede besoek is hy as besoekende professor aangestel. Hy het die medalje ontvang toe hy vroeër vanjaar met sy derde besoek by die Universiteit was. Hy was 'n geesdriftige ambassadeur vir die Universiteit, het talle Maties uit die buiteland gewerf en was die groot dryfveer agter die US se uitruilooreenkoms met die Universiteit van Hamburg.

Vyf Pro Bene Merito medaljes is tot dusver toegeken. Die eerste was voorverlede jaar aan prof Vic Goedseels van Leuven in België en die tweede vroeër vanjaar aan mev Huberte Rupert van Stellenbosch. M

EGEKEN





Mnr Henri Wirth, hoofrestourateur van die JS Gericke-biblioteek, het die Pro Bene Merito medalje ontwerp. Die Latynse woorde "pro bene merito" beteken "vir goeie verdienste." Dié prestige- goue medalje vir buitengewone diens aan die Universiteit word saam met 'n sertifikaat aan die ontvangers oorhandig.

Agt Stellenbossers kry toekennings

AKADEMIE VEREER VIER VIR SATELLIET

Die klinkende sukses van Sunsat, die Universiteit se satelliet-projek, het neerslag gevind in vanjaar se toekennings deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Vier personeellede van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese kry saam die Goue Akademiemedalje – vir hul vernuf, toewyding, ywer en deursettingsvermoë wat grootliks tot Sunsat se lansering in Februarie vanjaar gelei het. Hulle is prof Jan du Plessis, prof Garth Milne, prof Arnold Schoonwinkel en Sias Mostert. Sunsat is Afrika se eerste satelliet. (Lees ook die berigte op bl. 15).

Die Akademie vereer vanjaar nog vier US-dosente: proff Willie Esterhuyse, Johan Combrink en Peter Donald asook dr Floris van der Merwe.

Peter Donald



Floris van der Merwe



Esterhuyse, oudhoogleraar in Filosofie en nou verbonde aan die Bestuurskool, word met die NP van Wyk Louw medalje vereer – vir skeppende bydraes tot die uitbouing van die geesteswetenskappe.

Combrink, van die Stigting vir Afrikaans, kry die DF Malan medalje wat net elke derde jaar toegeken word. Hy was deeltyds verbonde aan die Departement Afrikaans en Nederlands waar hy afgetree het, en is onlangs oorlede (berig op bl. 28).

Donald kry die Albert Strating prys vir voorkomende geneeskunde. Hy is medeprofessor in Pediatrie en Kindergesondheid. Van der Merwe, 'n dosent in menslike bewegingskunde, kry die Stalsprys vir dié vakgebied. Die pryse word later vanjaar op Stellenbosch oorhandig. ■

Erkenning vir 'n satelliet se sukses: Arnold Schoonwinkel, Sias Mostert, Jan du Plessis en Garth Milne.

© MALENE BREYTENBACH



© DIE BURGER

Hy was arrogant, hardekop, kinderlik. Eksentriek, met "nare maniere." Kompleks. Maar sjarmant, begaafd, veelsydig en kleurryk. CORNELIA DE KOCK skryf oor Doktor Con: die mens agter die legende

UNIVERSELE GENIE WAS NEDERIGE AFRIKANER

Daar's 'n klop aan 'n dosent se kantoordeur. Stilte. Die student klop harder, want hy weet die dosent is daar. Binne bulder 'n harde stem: "As ek nie antwoord nie, is ek nie hier nie."

Dié student was FX Prins, latere US-dekaan van Tandheelkunde. Die dosent, dr Con de Villiers, 'n Stellenbosser wat in en buite sy vakgebied 'n legende was.

Hy was kompleks. Vol sjarme én irritasie. Maar altyd aangenaam. Jy kon jou verwonder oor sy welsprekendheid en netnou weer vererg oor sy kinderlikheid. "Wetenskaplike van formaat, kleinlike skindertong, taalkenner en groot musiekliefhebber, kinderagtige hardekop, begaafde skrywer en vertaler," het wyle Gideon Roos, Oudmatie en eertydse direkteur-generaal van die SAUK, Doktor Con onthou.

CGS de Villiers, gebore op 'n Overbergse plaas in 1894, is na sy dood in 1978 op Stellenbosch begrawe. Sy bydrae was op verskillende lewensterreine: internasionaal erkende soöloog; musiekopvoeder en -optekenaar; volksliedverwerker en -vertaler; letterkunde-skrywer en -vertaler; toneel-regisseur en drama-vertaler; genealoog. Sy grootste diens aan die US was om die Departement Soölogie tot internasionale bekendheid in die vergelykende anatomie en embriologie uit te bou, met een van die wêreld se volledigste biblioteke hieroor.

Hy was buitengewoon begaafd en veelsydig, 'n Renaissance-mens wat ses tale kon praat, met 'n wetenskap- én kunste-aanleg. Hy het foto's geneem en ontwikkel en by Frans Oerder in Pretoria kunslesse geneem.

Afrikanerskap was sy tróts, ook omdat hy kon beleef hoe sy taal met akademiese status mondig word. 'n Universele genie – maar altyd net 'n nederige Afrikaner. Uiterlike vertoon het hom nooit beïndruk nie. Hy het waardering behou vir die minder bevoorregtes wat hy as kind leer ken het en wat hom as mens help vorm het. Hy het sonder skroom sy mening gelug. Vir party was sy reguit uitsprake ongevraagd. Van sy eienaardighede het hom eksentriek gemaak

Wanneer hy "vader" van die Matie-Sangfees genoem is, oor sy groot bydrae tot die ontstaan daarvan, het hy opgemerk dat sy medewerkers dan seker die "vroedvroue" was.

Dié massiewe dosent (byna twee meter lank, met breë skouers) was vir menige eerstejaar skrikwekkend. Sy klasgeëry was ongewoon, ongeregimenteerd. Nie pakke notas nie. Studente moes leer dink. "Wat ek nou vra, het niks met soölogie te doen nie. Ek wil julle leer dink," het hy dikwels gesê. En reageer hulle nie na sy sin nie: "Julle wil nie dink nie. Julle sit soos houtpoppe met semelarms."

"...basically a passionate and generous soul... Damned sort of man... I feel indebted to him for so many things besides what he taught me in comparative anatomy"

Daar is talle staaltjies oor hom. Van sy sêgoed was skurf, word dikwels gesê. Soos dat hy glo in 'n klas sou verwys het na 'n stam wie se mans buitengewoon groot geslagsdele gehad het, waaroor 'n meisie kwaad begin uitstap het, en hy toe glo opgemerk het sy's verniet so haastig – die volgende bus soontoe vertrek eers die volgende dag. "Dit was nie dr Con nie," sê sy oudstudente. "Ou Europese universiteitstaaljies is aan hom

Links, van bo af: Con de Villiers as 30-jarige (1924) in die koddige swemklere wat toe mode was. • In sy vroeë veertigerjare (1936). • Kort voor sy 56ste verjaardag, 1950. • 'n Kenmerkende foto van hom, in sy later jare.

"Wetenskaplike van formaat, kleinlike skindertong, taalkenner en groot musiekliefhebber, kinderagtige hardekop, begaafde skrywer en vertaler"

toegedig." Na voltooiing van sy doktorsgraad in Switserland, het hy wel die wetenskap met 'n oopheid gedoseer. Vir die dertiger- en veertigerjare se konserwatiewe Afrikaners was dit vreemd dat anatomie-terme by die naam genoem is.

Dr Con het kleurryk gepraat en geskryf. Sy gesegdes het die Afrikaanse taal verryk. "Coniaans" noem Hennie Aucamp dit. Soos: "Ek verloor nie my geduld nie, ek smyt dit sommer weg." Van iemand wat hom nie gegroet het nie: "Hond blaf tog." En: "Waarheid is 'n duur luukse."

'n Mens kan nie altyd onderskei tussen wat hy oorgeneem of self geskep het nie. Uit groot skrywers se werke het hy treffende dele in Afrikaans vertaal en gereeld aangehaal. Hy kon meesterlik aanhaal – en dit gereeld in sy lesings gebruik om iets te illustreer of 'n argument krag te gee.

"Natuuglik is dit lekkeg om te lewe, en die een wat vig jou sê dis nie lekkeg nie, hy lieg dat hy bags"

Die Duitse digter Goethe is as groot leermeester beskou en gereeld aangehaal – in Duits maar dikwels in skitterende Afrikaans. "Ek ry maar met Goethe se kalwers," het hy gesê. En oor iets vanselfsprekends: "Dis onnodig om om die wêreld te reis om te weet die hemel is oral blou." Van 'n moderne huis, kunswerk of skrywerspoging, Goethe se: "Wie die oorspronklikheid najaag, is kapabel en haal dit nooit in nie." Dr Con het Goethe se "Es irrt der Mensch/solang 'er strebt" vertaal na: "Die mens maak foute solank hy strewe."

Die Italiaanse dramaturg Pirandello is 'n "prikkelnatuur" genoem. Só was dr Con self, mits verstaan word wat hy hier bedoel het – iemand wat sy medemens met onkonvensionele menings uitdaag. Wat graag mense skok, om reaksie uit te lok. Bewustelik stroomop is met 'n uitlating. Altyd 'n ballon wil prik. Vir hom was die Noorweegse skrywer Knut Hamsun 'n "onbandige ek" (met 'n moedswilligheid in homself). Dít was dr Con ook.

Oor verskeie onderwerpe was hy beslis en selfs arrogant – soos dat sy van net een uitspraak het: "De Viljee" en nie "De Willeers" nie. As Radioraadslid het hy dit op omroepers afgedwing.

Daar was sy eienaardighede. Die vreemd vashou van sy sigaret, tussen middel- en ringvinger. Dan word dit nie "vasgeknyp" nie, dit sit vanself! 'n Kenmerk van hom was sy pinkiering met die groot, turkoois steen.

Hy't 'n paar "nare maniere" gehad, het hy erken. Hy kon nie mense met uiteenlopende belangstellings in dieselfde geselskap hanteer nie, want "...dit kan my senuwees nie hou om verdeelde belange te hê in 'n sitkamer nie. Dan het ek myself verskoon."

Hy het sy hoed opgesit voor hy sy voordeur oopgemaak het. Was dit iemand van wie hy gehou het, is die hoed afgehaal en die besoeker ingenooi, so nie is gesê jammer, hy's op pad uit.

Die volkse was vir hom werklik. Hy het in spoke geglo en gesê hy was bang vir hulle. Dit was 'n soort bygelowigheid, 'n kinderlikheid wat jy nie by hom as intellektueel verwag het nie.

Vuur het vir hom iets magies ingehou. Hy het graag vuurgemaak. By sy Hermanus-strandhuis het hy 'n mied van droë seebamboes gebou, dit brandgesteek en op sy hurke die vuur gesit en instaar. As hy 'n sigaret aangesteek het, het hy die vuurhoutjie in die asbak laat uitbrand. Op sy oudag het hy snags 'n kers langs sy bed laat brand.

Dr Con was lewensbly. "Natuuglik is dit lekkeg om te lewe, en die een wat vig jou sê dis nie lekkeg nie, hy lieg dat hy bags," het hy in sy brystem vir Audrey Blignaut, 'n mede-Overberger, gesê.

As bejaarde het voetprobleme hom sandale met sokkies laat dra – selfs toe hy van die Universiteit 'n eredoktorsgraad ontvang het. Hy het hom min aan formaliteite gesteur. Toe die stadsaal se skerp ligte hom met die eregraadtoekenning gepla het, het hy heeltyd die gedrukte program as skerm voor sy oë gehou.

'n Voorste Italiaanse soöloog en oudstudent van dr Con, prof Alberto Simonetta van die universiteite van Florence en Camerino, het hoë waardering vir dr Con as wetenskaplike én mens: "I have always felt him to be basically a passionate and generous soul under a sort of forged tough bark, underwhich he disguised. He really loved the people in his entourage and was somewhat shy to show how much he loved them. His portrait is hanging on the wall at the side of my desk and is looking down while I write. Damned sort of man, I love him after so many years that he had died and I feel indebted to him for so many things besides what he taught me in comparative anatomy."

Toe dr Con tagtig was, is aan hom gevra hoe hy wou hê mense hom moes onthou. "Graag as iemand wat 'n klein diensie bewys het aan sy Klein Vaderland, ...die Overberg. ...Ek het nooit die kans gehad om 'n groot diens in die oë van die Overbergers vir die Overberg te lewer nie."

Hy het geskryf oor die tweede dood wat 'n mens tref, as "geen sterfling jou meer onthou nie." Dit was 'n vervorming van 'n Italiaanse wysheid: "Vir dié wat lewend is, is hulle mos nie dood nie."

Daarom lééf dr Con vandag nog. M

■ *Dr Cornelia de Kock is 'n Oudmatie, wat 'n doktorale proefskrif in die Afrikaanse Kultuurgeskiedenis oor dr Con de Villiers geskryf het. Haar man, dr Johan de Kock, was 'n student en latere kollega van dr Con de Villiers.*

HOE WORD MENSE LEGENDES?

Hoe ontstaan "legendariese" figure? En het die Universiteit vroeër jare meer "kleurryke karakters" as deesdae opgelewer?

Tot in die sestigerjare was die US redelik klein. Die dorp ook. Die meeste Maties het feitlik die hele kampus se dosente geken. "Kleurryke karakters" (dosente én studente) het waarskynlik ook buite hul eie fakulteite meer aandag getrek as nou, sê dr Matilda Burden, dosent in kultuurgeskiedenis in die Departement Geskiedenis aan die US.

Stellenbosch was natuurlik nog altyd 'n tipiese studentedorp waar die dosente en studente nie so maklik as by 'n stadsuniversiteit in die menigte in verdwyn nie – en dit dra heelwat by tot staaltjies en "legendes" oor kleurryke kampusfigure.

Mense is ook nie altyd in hul eie tyd al "legendes" nie. Ná 'n kleurryke figuur se dood vermeng feite, staaljies, hoorsêgoed en selfs onwaarhede oor so iemand – en dit is wanneer hy/sy eers werklik 'n "legende" word, sê Burden.

Maar selfs in die inligtingseeu kry 'n mens steeds diegene wat meer aandag trek omdat hulle kleurryker (en briljanter of eksentrieker!) as andere is; mense wat een of ander tyd – tot diep in die 21ste eeu – as "legendaries" onthou gaan word. M

'n Rugbybesering sewe jaar gelede op Coetzenburg het 'n talentvolle jong sportman en knap student se lewe heeltemal verander. Maar...

MATIES SE VERLAMDE 'SUPERMAN'
BLY GLO, HOOP EN DROOM

Hy droom van 'n loopbaan... en beplan sy troue einde vanjaar met die meisie wat sy hart gesteel het.

© HUISGENOOT

Trouplanne vir Desember. JP Lugt met sy Joann

Soos die "Superman" -akteur Christopher Reeves leef 'n Matie-honneursstudent in 'n verlamde liggaam. Jan-Paul Lugt laat egter nie dat dit hom onderkry nie.

Hy lééf vir die toekoms – vir 'n loopbaan, sy troue einde vanjaar, 'n eie huis en dalk 'n gesin – al is hy sedert 'n ongeluk in 'n rugbyskrum sewe jaar gelede van sy nek af ondertoe verlam.

"JP" (op Engels uitgespreek) soos hy alom bekend is, was in 1992 'n doodgewone eerstejaarstudent van Pretoria af op Stellenbosch om BComm te studeer. Lief vir sport: watersport, muurbal, tweekamp en rugby. Op skool was hy die eerstespan-rugbykaptein.

Hy het Matie-koshuisrugby gespeel. Haker vir Hombre se eerstespan. 'n Doodgewone koshuisliga-wedstryd op Coetzenburg. 'n Sonskyn-Vrydagmiddag vroeg in April. 'n Skrum wat 'n jong lewe vir goed verander het.

Halfpad deur die wedstryd sak hy hard in die skrum in. Sy kop tref een van die stutte se skouer. 'n Klapgeluid in sy nek. JP bly lê. Sy asemhaling hou op. 'n Spanmaat, mediese student Adriaan Liebenberg, gee dadelik kunsmatige asemhaling.

Binne tien minute later is JP in die hospitaal waar dokters hom verdoof sodat hy vir twee dae slaap. Nadat hy wakker word, dring dit geleidelik tot hom deur: Hy het sy nek beseer; hy's verlam.

Sewe maande se rehabiltasie-

Eerder as om te kla oor wat hy verloor het, is hy dankbaar oor wat die Here steeds aan hom gee

"Ek is nog altyd dieselfde mens met dieselfde drome wat ek gehad het voor daardie dag op die rugbyveld"

behandeling in die Conradie-hospitaal in Kaapstad help hom aanpas by 'n nuwe lewe – as kwadrupleeg. Daarna twee jaar in 'n tehuis in Milnerton, waar hy deur Unisa begin studeer.

In 1995 is hy terug Stellenbosch toe om sy lewe te probeer hervat waar dit drie jaar tevore ontspoor het; om sy droom van Matie-wees en graadkry te vervul.

Die Universiteit het 'n studente-woonhuis spesiaal vir JP ingerig, waar hy nou nog bly. Hy kan baie min vir homself doen. Twee jong mans werk skofte om hom te help met selfs die basiese dinge soos eet, tande borsel, stort, aantrek of oefeninge doen.

Die Chris Burger-fonds het betaal vir 'n elektriese rolstoel wat JP met sy mond kan beheer. Hy gebruik ook 'n pen in sy mond om op sy rekenaar te werk of deur 'n boek te blaai. En hy skilder met sy mond – kunswerke wat hy verkoop om 'n ekstra sakgeldjie te kry.

Mede-Maties het gehelp met boeke en klasnotas. Hy kan nie notas skryf nie. As trappe die enigste toegang na 'n klaskamer was, kon hy nie met sy rolstoel ingaan nie. Dosente was tegemoetkomend. Toetse en eksamens is mondeling afgelê.

Vir 'n kwadrupleeg is studentwees uiters moeilik, maar JP het deursettingsvermoë. Einde verlede jaar het hy BComm verwerf en nou studeer hy vir 'n honneursgraad in bedryfsielkunde.

Hy droom van 'n loopbaan en is vol vertroue dat hy eendag 'n goeie pos in 'n organisasie se menslike hulpbronne-afdeling sal kan behartig. Hy wil graag iets vir ander mense doen.

En saam met Joann Browne, die verpleegster wat sy hart gesteel het, word trouplanne gemaak vir Desember vanjaar.

JP se vriendelikheid en rustigheid sorg daarvoor dat hy baie studentevriende het. Hulle het hom by die studentelewe help inskakel – vleisbraai langs die see, flieks of uitstappies na wynplase en in die natuur.

By 'n studente-piekniek op 'n wynplaas drie jaar gelede het hy Joann ontmoet. Sy was toe 'n Matie-verpleegkundestudent op die Tygerberg-kampus.

Die eerste jaar nadat hulle mekaar ontmoet het, was dit net vriendskap. Mettertyd het die verhouding ernstig geword. Hulle besef getroudwees gaan moeilik wees, maar hulle glo God sal hulle help om ook dié huwelik se struikelblokke te oorkom.

Joann se verpleegopleiding is 'n groot bate. Dit help hulle om gereeld alleen bymekaar te wees terwyl JP nie altyd op ander helpers staatmaak nie.

Daar is baie saamdoendinge vir dié twee. Hulle het onder meer al gekampeer en in die Wildtuin vakansie gehou

Joann het gou besef hoe merkwaardig JP is. Al moet hy op mense se hulp en versorging staatmaak, reik hy self uit na ander hulpbehoewendes. Hy help onder meer by Matie Gemeenskapsdiens, waar hy ondervoorsitter van die studente-vrywilligerskomitee was.

Saam met Joann doen hy kinderevangelisasiewerk. En hy het al aanmoedigingspraatjies aangebied saam met ultramarathonatleet Bruce Fordyce, wat die Comradesmarathon nege keer gewen het.

Ondanks sy gestremdheid leef JP dankbaar en blymoedig. "Ek dink ek was voorberei op wat met my gebeur het. Ek het 'n ryk en vol gelewe gehad en nou kan ek aan die samelewing teruggee wat ek self ontvang het – aanmoediging en vreugde."

Eerder as om te kla oor wat hy verloor het, is hy dankbaar oor wat die Here steeds aan hom gee. Die tragedie wat hom getref het, het hom 'n sterker en meer ervare mens gemaak, glo hy.

En hy hoop en vertrou dat hy eendag weer gaan loop. "Die wetenskap of 'n wonderwerk kan dit moontlik maak. Maar totdat dit gebeur, het ek hulp nodig om met my lewe voort te gaan.

"Ek het nou wel die gebruik van my ledemate verloor, maar ek is nog altyd dieselfde mens met dieselfde drome wat ek gehad het voor daardie dag op die rugbyveld." M

■ ***Senkings aan JP Lugt kan inbetaal word by die Rivonia Trust, Standard Bank, Rivonia-tak nommer 001 255 95, rekeningnommer 22 002 108 2.***



Regs van bo af: Die US het 'n spesiale kamer vir JP ingerig. • Tussen die boeke: Biblioteek toe gaan, is ook vir 'n kwadrupleeg deel van Matie-wees. • Kunstig met die mond: JP verkoop sy kunswerke vir ekstra sakgeld. • Elektriese vervoer: Op die rolstoel wat hy met sy mond beheer, help JP homself op die kampus oor die weg. • Vasbyt! 'n Spesiale pen is nodig vir boekblaai of rekenaarwerk.

MATIELAND HET MET LEEDWESE VERNEEM VAN DIE VOLGEND

Dr Myra Beyers (87) van Stellenbosch; BA, MA (geografie), SOD, Med (1932-'35); het in 1948 aan die Universiteit van Columbia, New York, navorsing gedoen en in 1954 DEd behaal met 'n proefskrif oor Afrikaanssprekende graad 1-leerlinge se leesgereedheid; was onderwyseres op Worcester en Stellenbosch; later dosent en hoof, Denneoord-opleidingskollege, Stellenbosch; ook US-dosent in opvoedkunde; het in 1957-'58 met 'n Carnegie-beurs in leesklinieke van die New Yorkse nagraadse opvoedkunde-skool gewerk en VSA deurkruis om leesklinieke te besoek; het in Suid-Afrika leesklinieke tot stand gebring waar sy in haar vrye tyd kinders met leesprobleme sonder vergoeding gehelp het; was 'n baanbreker vir aardrykskunde-handboeke vir laer skole; vrou van wyle prof SRF Göldner, eertydse wiskundedosent aan die US.

Me Corrie Burger (72); BA, SOD (1946, '55); was primaria van die destydse koshuis Crozierhof; het HonsBA (sielkunde) aan UP behaal; was onderwyseres (meestal Engels) te Kenhardt, Calvinia, Bonnievale, Oos-Londen, Aurora en Piketberg.

Mev HS (Rika) Cilliers-Preller (47) van Northcliff, Johannesburg; BA, HonsBA, MA (1972-'75); was sedert 1975 dosent in Afrikaanse en Nederlandse letterkunde aan die RAU; 'n gerekende digter wat vyf bundels gepubliseer het.

Mnr PR (Piet) de Wet (76) van Koppies, Vrystaat, waar hy lank prokureur was; BA (regte (1940).

Mev Dalene Grobler-Barnard (28) van Delahaye, Bellville; B in Voeding; oudinwoner van Nerina en Huis Francie van Zijl.

Prof LM (Louis) Heyns (64) van Pretoria; BA, HonsBA, BD (1954-'61); was primarius van Dagbreek en in 1958 ondervoorsitter van die studenteraad; NG predikant Wonderboompoort, Harmonie en Lynnwood in Pretoria; sedert 1982 dosent in praktiese teologie en vanaf 1989 professor aan Unisa.

Prof Peter S Knox-Davies (69) van Stellenbosch; het in 1991 as hoof van die Departement Plantpatologie aan die Universiteit afgetree; het as boorling van Lichtenburg grootgeword in Natal waar hy aan die Natalse Universiteit in Pietermaritzburg in die landbouwetenskappe gestudeer het; het sy doktorsgraad aan die Universiteit van Wisconsin in die VSA verwerf; was dosent aan die Natalse Universiteit totdat hy in 1962 aangestel is as senior lektor in die Departement Plantpatologie aan die destydse Stellenbosch-Elsenburg Landboukollege, wat toe nog onder die vleuels van die US was; het agt jaar later hoof van die US se Departement Plantpatologie in die Fakulteit Landbouwetenskappe geword; sy vrou, Laetitia, is aan die Mediasentrum van die US se Fakulteit Opvoedkunde verbonde.

Ds GDJ (Gert) Kruger (73) van Bloubergstrand; BA (1946) en sy Kweekskoolopleiding; inwoner van Wilgenhof, waar hy lank pianis van die Kraaie-sanggroep was; was NG leraar op Merweville en Rietbron, waarna hy in Grahamstad as kapelaan by die Weermag aangesluit het.

Dr HEC (Boet) Krüger (70) van Stellenbosch; BSc (1945); het daarna vir twee jaar in Kenia veeartsenynavorsing oor tsetsevlieë gedoen; in 1948 teruggekeer Stellenbosch toe vir MSc-studie; by Universiteit Kaapstad geneeskunde gestudeer; na huisdokterskap op Stellenbosch praktiseer hy sedert 1956 tot voor sy dood in die Eikestad.

Ds JPG Liebenberg (79) van Steynsrus, Vrystaat, waar hy as NG predikant afgetree het; was vanaf 1953 leraar te Petrusville, later Brakpan-Suid en Algoapark, Port Elizabeth.

Prof Ardon Malan (69) van Bellville; het in 1994 as professor in anatomie in die Fakulteit Geneeskunde afgetree, waaraan hy sowat 40 jaar lank verbonde was; was slegs die tweede professor in anatomie aan die US, na wyle prof JF van E Kirsten. Malan het as anatoom ook in die buiteland hoë aansien verwerf, veral op die gebied van neuro-anatomie; was 'n vaderfiguur van dié vakgebied in Suid-Afrika; o.m. stigter van die Anatomiese Vereniging van Suidelike Afrika; het duisende dokters, tandartse en ander gesondheidswerkers opgelei; was 'n besonderse en logiese dosent met die gawe om ingewikkelde anatomie maklik verstaanbaar aan studente aan te bied.

Mev Louie Neser (geb. Kritzinger, 68) van Kleinmond, waar sy slegs drie maande gewoon het, voorheen 27 jaar in Sandton, Gauteng; Sertifikaat, Spes. Onderwysdipl. En Dipl. in Spraak, Voordrag en Toneel 1949, '50; oudinwoner van Huis de Villiers; voorsitter en lewens-erelid van SA Gilde van Spraak- en Drama-onderwysers; stigterlid van Raad van Afrikaanse Beoordelaars; getroud met Oudmatie Mike Neser (LLB 1950).

Mnr CA (Charlie) Roux (65) van Port Elizabeth; BA, SOD, Med (1956-'57, '80); oudhoof van Hoërskool Andrew Rabie in die Baai; bekende in atletiekkringe; was in sy Matie-dae 'n WP-hekkiesatleet.

Mnr PM Schreüder (65) van Durbanville, BSc, BEd 1957, '58, '62; oud-Wilgenhoffer; oudhoof van Hoërskool Zwaanswyk, Kaapse Skiereiland; later superintendent van onderwys in Port Elizabeth; tree in 1993 af as direkteur van onderwys (beplanning) in Kaapland; was in 1973 voorsitter van die SA Onderwysersunie.

Mnr Johan S Steyn (90) van Lydenburg, Mpumalanga; BComm (1928); behaal later MCom met lof aan Unisa; oud-Dagbreker; sakeman en boer op Lydenburg; laaste oorlewende seun van legendariese kmdt Willie Steyn en broer van wyle prof Van Zijl Steyn, 'n eertydse dosent in regsgeleerdheid aan die US. Van Zijl Steyn was tydgenoot van prof Mortie



Prof Peter Knox-Davies

OUDMATIES EN US-PERSONEELLEDE WAT ONLANGS OORLEDE IS:



Prof Ardon Malan

***Prof Johan Combrink** (60) wat sedert sy aftrede by die Departement Afrikaans en Nederlands heeltyds in diens van die Stigting vir Afrikaans (SVA) was, is op Stellenbosch oorlede. Combrink was van 1975 tot 1995 professor in Afrikaans en Nederlands. Voor dit was hy dosent aan Wits, die Natalse Universiteit en die UPE. Hy het sy akademiese kwalifikasies aan Wits en die Universiteit van Amsterdam behaal, asook DLitt met lof in 1966 aan die UP.*

Combrink is beskou as een van die briljantste taalkundiges en stimulerendste dosente van sy era. Hy was voorsitter van die taalkommissie van die SA Akademie. Die Akademie het hom vroeër vanjaar met die DF Malan medalje vereer vir sy volgehoue volksopvoeding op Afrikaanse taalgebied. Hy was ook 'n deeltydse dosent by die Departement Joernalistiek aan die US.

Prof Johan Combrink

Malherbe, wat Johan Steyn en sy vrou, Irene (geb. De Souza), 'n mede-Matie, aan mekaar voorgestel het. Mev Irene Steyn oorleef haar man. Hul twee dogters, Marie Verster en Alet Murray, is ook Oudmaties.

Mnr Johan Swart (46) van Stellenbosch; BSc, HonsBSc (1975-'76); vir baie jare senior tegniese beampte by die Departement Geologie aan die US; lank voorsitter van die Stellenbosch (voorheen US) Vliegklub; bekend in SA en internasionale vliegkringe; het SA kleure in presisie- en tydrenvlieg verwerf; is twee jaar gelede as jurielid vir wêreldkampioenskapsbyeenkomste aangestel; het Suid-Afrika in die Algemene Lugvaartkommissie verteenwoordig; is in sy huis op Stellenbosch vermoor slegs 'n week voordat hy as hoofskeidsregter in die Europese tydren-vliegbyeenkoms sou optree.

Adv SE (Steve) Terblanche (90) van Montagu; BSc Landb. (1930); oud-Wilgenhoffer; oudprokureur-generaal van die destydse Suidwes-Afrika en voor dit ses jaar adjunkprokureur-generaal van destydse Kaapland.

Mev Ebenhaees Theron (geb. Geyser, 84) van Hartenbos; HPOD 1936; oudinwoner van Crozierhuis; was onderwyseres by Vanrhynsdorp voor haar troue met mede-Oudmatie Willie Theron van Vredendal wat later 'n onderwysdirekteur was.

Mnr DWD (Dawid) van der Merwe (71) van Linden, Johannesburg; BComm 1960; was lank in die bankwese; een van die US se eerste buitemuurse studente.

Ds TDT (Dean) von Moltke van George, BA 1950; predikant op Ladysmith, Natal en Forest Hill, Johannesburg; afgetree in 1984.

Mnr BG (Gerry) Walters (54) van Kleinmond, voorheen Pretoria; BA 1965; oudinwoner van Huis Marais; was verbonde aan die Departement Buitelandse Sake en het verskeie senior poste in buitelandse missies beklee; is dood aan 'n hartaanval.

Mnr LLJ (Louis) Wessels (62) van Oranjezicht, Kaapstad; BA, HonsBA 1959, '66; was koerantman by *Die Burger* voordat hy in die vroeë sewentigerjare by die destydse Departement Ontwikkeling aan die US aangesluit het waar hy onder meer redakteur van *Matieland* was en as bestuurder van die Universiteitskoor in 1973 die koor na 'n internasionale kompetisie in Portugal geneem het; was daarna weer aan Naspers verbonde, onder meer as redakteur van die destydse *Topsport* en as *Die Huisgenoot* se assistentredakteur; was die skrywer van vier jeugboeke; het aan Altzheimer se siekte gely.

Mev Janet Wolhuter (geb. Williams, 56) voorheen van Pretoria; BA, SOD 1962-'63; oudinwoner van Minerva en Huis ten Bosch; onderwyseres en later lank verbonde aan Departement Buitelandse Sake; het onlangs na Australië verhuis. M

Weet u van 'n Oudmatie wat onlangs oorlede is? Stuur asseblief kort besonderhede (die oorledene se naam, ouderdom, geboortedatum, studentenommer, kursusse, studiejare, loopbaan, ens. soos op dié bladsye) aan die adresse of faksnommer op bl. 1 in Matieland

LONDON ON A TWO YEAR WORKING HOLIDAY VISA

Are you in your final year of study or maybe tired of your current position and would like international work experience? How about LONDON? London on a two-year visa has great advice, tips, contacts and information no young South African traveller to London should be without. Packed with information on how to survive in London on rands during your first few weeks plus

- How to apply for the visa, with actual questions and answers
- Student organisations in SA that can help before you leave
- What to pack, including travel and medical insurance
- Facts about London
- How to deal with customs interrogation in London
- What to do when you arrive in London, eg. London underground
- How to find accommodation and the cost in different areas
- How to find a job with of over 60 employment agencies, with email and website addresses to contact them before you leave
- Working through a limited company and paying tax
- Socialising with all the party hotspots, plus "cultural" nights out
- Travel around the UK and Worldwide, with London as the doorstep to the rest of the world

To order your copy for only R95.00, simply complete the order form below and mail together with your cheque/postal order to LONDON GAPYEAR or deposit your payment into our account and fax us the deposit slip and order form. Bank details: ABSA Bank, Acc number 4050784119, code 535105.

Name _____

Postal Address _____ Postal Code _____

Tel no (Office Hours) _____

Post to: LONDON GAPYEAR (011) 883 2310 Tel/Fax
P O Box 467
Wendywood
2144

WWW.LONDONGAP.COM

Volgende jaar wil Dion ook sy tweede kinderdroom verwesenlik – om dokter te word.
"Volgende jaar is ek terug in Suid-Afrika en dan gaan ek voltyds Matie wees"
Deur Douglas Davis

MATIE LEI IERSE RUGBYSPAN

Van kleins af het hy uitgeblink as 'n uitstekende atleet, wat ook 'n Nuffield-skolekrieketspeler was en as WP-hekkiesatleet gepresteer het.

As tienjarige wou Dion O'Cuinneagan eendag Springbok én dokter word. Maar in sy wildste kinderdrome kon hy nie dink hy sou Ierland in die Rugby-wêreldbekerstryd aanvoer nie!

"Hy was buite homself van vreugde want hy het maar 'n jaar tevore die eerste keer vir die Iere uitgedraf"

Hy is die eerste Matie wat 'n ander land as Suid-Afrika as kaptein op die rugbyveld aanvoer.

Dion is ook besig om sy ander kinderdroom te verwesenlik: Hy is 'n vyfdejaar mediese student aan die US se Fakulteit Geneeskunde. Sy studies is vanjaar ter wille van die wêreldbeker onderbreek, maar hy wil volgende jaar terugkom Tygerberg toe om sy geneeskundegraad te voltooi.

Ierland se kaptein – Matie mediese student, Dion O'Cuinneagan (met die bal).

Ikeys én Maties

Hy het Ierland se kaptein geword kwalik 'n jaar nadat hy die eerste keer vir hulle op die veld gedraf het. Sy voorbereiding vir dié belangrike posisie was onverbeterlik: rugby vir Ikeys én Maties se eerste spanne, en in 1994 en 1995 kaptein van Suid-Afrika se sewes rugbyspan.

Die storie van Dion se internasionale rugbyloopbaan het begin by sy Ierse pa en Brits-gebore ma se besluit om hul wittebrood in Suid-Afrika deur te bring. Tydens dié verlengde wittebrood van twee jaar, is Dion gebore. Hoewel die gesin kort daarna terug is Brittanje toe, het hulle later besluit om permanent in Suid-Afrika te kom woon. Dion en sy twee broers is egter almal Ierse burgers.

Sy ma vertel dat hy, nes sy broers, van kleins af 'n uitstekende atleet was. Op skool het hy ook as Nuffield-krieketspeler en as WP-atleet uitgeblink en 'n silwer medalje vir hekkies gewen.

Stomgeslaan

Dion het BSc aan die Universiteit van Kaapstad behaal voor hy as mediese student op Stellenbosch begin studeer het. Einde verlede jaar, nadat hy sy vyfde studiejaar aan die US geslaag het, het die Ierse Rugbyraad hom aangewys as kaptein van hul span vir vanjaar se Wêreldbekerstryd.

"Dion was stomgeslaan. Hy was buite homself van vreugde want hy het maar 'n jaar tevore die eerste keer vir die Iere uitgedraf," sê mev O'Cuinneagan.

Dion self vertel dat dit een van die moeilikste besluite van sy lewe was om sy studies op te skort so kort voor sy finale jaar. In dié besluit was proff Wynand van der Merwe, sekundusdekaan van Geneeskunde, en Jan Lochner, die dekaan, Dion se belangrikste mentors. "Die respek en dankbaarheid wat ek teenoor hulle voel, is 'n belofte wat ek gestand móét doen," sê hy.

Dion was onlangs in Australië saam met die Ierse toerspan. "Maar volgende jaar is ek terug in Suid-Afrika en dan gaan ek voltyds Matie wees om daardie laaste geneeskunde-jaar suksesvol te voltooi."

... en Oudmatie is Oxford se kaptein

Norman Celliers, wat in 1996 primarius van die manskoshuis Simonsberg was en BIng(Siviel) in 1997 aan die US verwerf het, is aangewys as kaptein van Oxford se rugbyspan vir 1999. Hy is ook as Oxford se klubkaptein gekies. Norman het sy "Blues" in Desember verlede jaar verwerf toe hy vir Oxford op Twickenham teen Cambridge uitgedraf het. Hy wil in September vanjaar vir MBA aan Oxford begin studeer. Sy ouer broer, Jacques, het onlangs MBA aan Ikeys behaal en studeer nou aan die Universiteit van Warton in die Amerikaanse staat Pennsylvania. Jacques het BIng(Siviel) in 1996 op Stellenbosch verwerf.

Naskrif

Stotterende kewers, die geur van gom, die geklik van skêre en 'n melodramatiese gefluister oor *spies* sal altyd deel wees van my

STELLENBOSCH-ERVARING

DJ Opperman, wat terug is ná 'n lang siekbed, en sy eerste lesing – oor *Steenbok tot Poolsee* – voor die derdejaarstudente in Afrikaans-Nederlands lewer; 'n debat, in hoge erns, oor die term "Christelik-nasionaal"; Hoofman George Matanzima wat vra vir "een Xhosa-nasie"; Andries Krogman wat by 'n uurbyeenkoms met krom skouertjies nael; die afskaf van die reël dat manstudente dasse moet dra tydens besoeke aan die Administrasiegebou ("die Kremlin"); 'n stryery oor heraffiliasie by die ASB; Eerste Minister BJ Vorster wat die vyfdejaar regstudente kom toespreek...

Deur Etienne van Heerden

Ja-nee, mymer ek anderdag terwyl ek blaai deur die mooigebonde reeks eksemplare van *Die Matie* uit die jaar toe ek hoofredakteur was – min oud-hoofredakteurs van hierdie studentekoerant sal ontken dat hul termyn aan die stuur 'n baie waardevolle leerskool was.

Toe ek by *Die Matie* as nuusverslaggewer ingeval het, had die hoofredakteur tradisioneel 'n mobiele kantoor – in Koos Bekker, tans Besturende Direkteur van Nasionale Pers, se grys Volkswagen-kewer was alles wat 'n hoofredakteur destyds nodig gehad het: die foto-argief, 'n ou tikmasjien, genoeg gom en skêre, 'n woordeboek...

Na Koos was Freddie Marais, eweneens toegerus met 'n kewer, hoofredakteur. Daarna was dit in 1977 my beurt, met 'n wit Volkswagen met 'n blou enjinkap en 'n magtige brul, en 'n agtersitplek volgestapel met die nodige kantoortoerusting.

Vanuit hierdie stotterende, stollende "Beetles" op die rand van meganiese ineenstorting – ek moes dikwels Koos Bekker se kewer aan die brand stoot wanneer hy my bladproewe tuis kom aflewer het – het ons met bepaalde flair en energie aan die hoof gestaan van Suid-Afrika se voorste studentekoerant.

Maklik was dit nie altyd nie – in my jaar het die US byvoorbeeld weer vir die eerste keer in vyf jaar 'n intervarsity-wedstryd teen die UK gespeel, en 'n hoë amptenaar roep my in op wat ons genoem het die "rooi tapyt" om te beloof dat ek nie 'n foto in *Die Matie* sou plaas "waarop 'n wit en 'n swart student langs mekaar op die pawiljoen sit nie" – iets wat ek natuurlik nie kon onderneem nie.

Inderdaad, *Die Matie* voer in hierdie tyd ook 'n eerste, skoorvoetende onderhoud met UWK-studente, plaas – versigtig "as eksperiment" – 'n berig oor die Kruispad-plakkers, en berig oor die sowat 400 studente wat as lede van die Stellenbosch Kommando en die Regiment Universiteit van Stellenbosch grensdiens gaan verrig.

Só word oor die oorlogservaring aan die noordgrens van SWA berig: "Vir die persoon wat lief is vir die buitelug is dit 'n interessante gebied met sy eie kenmerkende plantegroei en ander kenmerke. Volgens sekere studente kan dit 'n heerlike vakansie wees!"

Inderdaad, dis vyf jaar voor 'n nuwe generasie Afrikaanse prosaskrywers met hul sogenaamde "grensverhale" sou begin skryf oor die gevolge van die grensoorlog en militarisering op die psiges van jong mans van die tyd. Stellenbosch was dus nie altyd waar Suid-Afrika môre sou wees nie – woorde wat in daardie jare, in die oormoed van die tye, kwistig rondgeswaai is.

Dit was ook die jare toe die veiligheidspolisie die Afrikaanse kampusse met arendsoë dopgehou het. Dit was natuurlik mode onder diegene wat hulself as "links van die middel" op kampus – en by hierdie geledere het *Die Matie* hom gevoeg – geposisioneer het, om nie sonder 'n tikkie trots te vertel nie van die vreemde kraak- of tikgeluide wat hul telefone maak.

Daar is ook gefluister dat daar "op elke koshuis se vloer 'n *spy* is", en inderdaad – dit was die tye toe die eerste studente-spioene ontmasker is. In dié tyd waarsku 'n redaksielid wie se pa by die veiligheidspolisie was ons dat ons blyplekke een nag deursoek sou word.

'n Senior redaksielid verbrand daardie aand inderhaas, iewers in 'n wingerd, al die interessante politieke pamflette wat hy tydens 'n vakansiereis in Swaziland in die hande gekry het, asook al sy *Playboys* – in daardie jare eweneens verbode materiaal.

Die veiligheidspolisie kom wel daardie nag, maar keer 'n klomp dramastudente se kamers om, pluk hul laaie oop en strooi alles op die vloer uit. Ja, vandag is daar 'n mooi koffiewinkeltjie en spoggerige boetiek in daardie einste kothuisie, en is van die studente-verklikkers voorste burgers...

Een nag voordat ons die nuwe kantore in die LSS betrek – ná die film *One flew over the cuckoo's nest* – ry ek en my vrou – ons was toe nog nie getroud nie – van die Strand se Rialto terug Stellenbosch toe. 'n Man ry op die oorbrug digby die De Beers-fabriek voor ons in, en 'n botsing vind plaas. Die hele foto-argief, wat op die agtersitplek van my kewer was, vlieg deur die stukkende glasvensters en honderde foto's, bedek met bloedspatsels, skuif teen 'n wal af.

Dit was moeilik om akademiese pligte met *Die Matie* se harde pas te versoen. Toe ek as derdejaar vir 'n Regsfakulteit-mondeling opdaag, sit die hoogleraar met die eerste uitgawe van my termyn as hoofredakteur voor hom oop. "Dis 'n mooi uitgawe," sê hy droog terwyl my broek bewe. "Ek kan sien jy't hard hieraan gewerk. Maar kom ons kyk nou wat jy van die Privaatreg weet."

Gelukkig het Koos Bekker twee termyne voor my beding dat die hoofredakteur van *Die Matie* se klasgelde gedeeltelik kwytgeskeld word, want my gevolglike hereksamen was een van vele wat hoofredakteurs as verskoning aan hierdie besondere studentekoerant se deur kon lê...

Anderdag eet ek saam met die huidige hoofredakteur. Die drukproses is nou gerekenariseer, en 'n nuwe geslag weet min van die klimaat waarbinne ons gewerk het. Maar vir my sal die geur van gom, die geklik van skêre, die melodramatiese gefluister oor *spies*, die stotter van Volkswagen-enjins in die nanag, en die kraakvars oopblaai van 'n splinternuwe uitgawe, altyd deel van my Stellenbosch-ervaring wees. M

Etienne van Heerden, hoogleraar in Afrikaans en Neerlandistiek aan die Universiteit van Kaapstad, is die skrywer van romans soos *Toorberg* en *Kikoejoe*, en redakteur van die aanlyn-joernaal, *Lit-Net*.

Plaas jouself in sy skoene

Hoe lank sal jou maatskappy jou ondersteun?

Jy is 'n gegradueerde professionele persoon in 'n korporatiewe omgewing. Indien jy ongeskik of ernstig siek word, sal jou werkgewer jou ondersteun, vir 'n wyle. Wat dan? Jy sal sukkel om weer op die been te kom...

Die Professionele Voorsienings-vereniging se uitstekende siekte- en ongeskiktheidsvoor-dele betaal vroeër en vir langer uit, as dié van meeste werkgewers en ander maatskappye.

PPS bied 'n uittredingsplan met goeie winste en 'n belasting-vrye enkelbedrag, asook groep-lewensdekking teen onoortreflike tariewe. Daar is ook mediese hulp-skemas wat betaal wanneer dit regtig saak maak.

Boonop is hierdie unieke, nommerpas voordele nie aan jou werkgewer gekoppel nie, maar eksklusief aan jou as gegradueerde.

Hoe gouer jy met PPS gesels, hoe gouer sal die deurbreekpunt bereik word, waar na 6 jaar die waarde van jou belegging die koste van jou dekking kan begin oorskrei. Skakel jou makelaar of een van ons kantore vandag. So sal jy altyd iets hê om op terug te val.

PROTECTION·PROVIDENCE·BESKERMING·VOORSORG

PPS

Beskerm Gegradueerde Beroepslui Soos Niemand Anders Nie

011 644 4200

e-pos: info@pps.co.za

http://www.pps.co.za

21170/A/R/2

LA VALLÉE

Ontdek die onverwagse rykheid van hierdie Méthode Cap Classique.

Geniet dié sensasionele nuwe vonkelwyn wat volgens die Franse sjampanje- tradisie in die bottel gegis is. La Vallée het al die elegansie en finesse wat jy van 'n Méthode Cap Classique verlang, met 'n verrassende ryk en vol vrugtesmaak wat waarlik uniek is.

MAG NIE AAN PERSONE ONDER 18 VERKOOP WORD NIE.

DIE HUIS VAN

J.C. le ROUX

Die Tuiste van Vonkelwyn

Die Huis van J.C. Le Roux - geleë in Devonvallei, Stellenbosch - is oop vir besoekers vir toere, proeë en verkope.
Ma - Vr 8:30 vm - 4:30 nm, Sa 9 vm - 12:30 nm.
Tel: (021) 882-2590 Faks: (021) 882-2585

LRV 002/A

4405 PAARL POST WEB PRINTERS, PAARL